# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I2.8 Vol 211 p 11098 - 11167

SAAKNOMMER: CC 482/85 | DELMAS

1987-05-04

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST E[illegible]
ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

--------------------

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

--------------------

VOLUME 211

(Bladsye 11 098 - 11 167)

HOF HERVAT OP 4 MEI 1987.

MR BIZOS : My Lord, just before the cross-examination continues, there is what we believe to be a minor error on page 10 798 Volume 206. At the bottom of the page Your Lordship asks "Do you mean a space standing room or sitting room?" I do not know what Your Lordship's recollection is.

COURT : May I just pick up the gist of it. Yes?

MR BIZOS : I do not know what Your Lordship's recollection of the answer was, but in our recollection the answer is wrongly recorded.

COURT : It would appear so, but I can look it up quickly. When was it? Before or after tea on which date?

MR BIZOS : The date was the 26th and it looks as if it is early on. It is fifteen pages in from the start of the day. Our recollection is corroborated by Mr Tip's note.

COURT : Standing room. Ek het hom gevra of dit sittend of staand was en dit is staand. So, the correction is at the top of page 10 799 the first word there being sitting, should be standing.

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. JACOBS : U Edele, al die beskuldigdes is voor die Hof.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Malindi, ons was besig met die vergadering van 26 Augustus, die VCA vergadering die middag. Ons was besig met jou toespraak ook gewees. Is dit reg dat in jou toespraak het jy ook aan die mense die gedagte van "unity in action", vereniging in aksie tuisgebring en gepropageer? -- In my toespraak het ons dit duidelik gemaak dat as ons bymekaar kom, dan sal ons in staat wees om die probleme te kan oplos terwyl ons bymekaar staan. Ek weet nou nie of dit vertolk kan word soos u dit nou aan

my/...

my stel in u vraag nie.

Die mense moet verenig in aksie. Is dit tog nie so wat julle bepleit nie?

HOF : Mnr. Jacobs, die beskuldigdes staan indiwidueel aangekla. Hoewel daar ŉ bewering is van ŉ sameswering, moet ek eers bevind dit is so. U moet hom verantwoordelik hou vir sy eie dade.

MNR. JACOBS : Die boodskap wat jy dan probeer oorbring het is tog sekerlik dat die mense in aksie en verenig sukses sal behaal, dan nie? -- Ek het versoek dat mense moet verenig sodat ons nou kan optree teenoor die verhoging van die huur. Dit wil sê om protes aan te teken teen die huur. Ek weet nou nie as u sê die mense moet verenig of dit bedoel om ŉ aksie uit te voer nie.

Jy het nou weer die woord gebruik "ons". Ek het netnou ook agter jou aan die woord "julle" gebruik. Wat se "ons" praat jy van? -- Daarby bedoel ek ek as ŉ persoon het dit gesê en dit was toe later deur iemand anders as ŉ persoon wat alleen staan gebruik. So, dit is hoekom ek sê "ons".

Stem jy saam dit is ook die strewe van UDF vir eenheid in aksie? -- Ek is daarvan bewus dat die UDF verwag dat daar verenig moet word tussen die geaffilieerdes van UDF en die gemeenskap, maar ek weet nou nie of dit in hierdie sin gebruik word soos u dit nou stel dat die geaffilieerdes moes verenig om ŉ aksie uit te voer nie. Dié van die aksie weet ek nie van nie.

Dit is dat hulle strewe volgens hulle "slogan" dat "unity in action". Is dit nie een van hulle strewes nie, van UDF s'n nie? -- Ek weet nie dat hulle so ŉ "slogan" gebruik nie, maar waarvan ek wel bewus is is dat hulle

maak/...

maak beroepe op die vereniging.

En die ANC self het ook die wekroep "unity in action".

HOF : Is dit ʼn vraag of ʼn stelling?

MNR. JACOBS : ʼn Stelling. -- Ek weet nie of die ANC dit ook sê nie.

Die vereniging van die mense waarna jy self gestreef het, waarna UDF gestreef het, word ook voorgestaan deur VCA. Is dit reg? -- VCA sê die mense moet verenig teenoor die probleme wat hulle ondervind in die lokasies. Ek weet nou nie of hulle ook die woorde besig soos nou deur u gebesig word in hierdie vereniging wat hulle verwag nie.

Die vereniging waarna gestreef word, dit is teen die sisteem, Swart plaaslike besture en ook die hele regeringsisteem? -- Die vereniging is bedoel om bekend te maak aan die plaaslike goewerment dat hulle bewus moet word dat ons nie tevrede is van sekere dinge nie en dus ʼn aantekening daarvan maak aan die goewerment van die ontevredenheid van die mense,

HOF : U bedoel dat hulle dit sal oordra aan die sentrale regering? -- Ja, in die sin dat hulle nou die sentrale goewerment moet laat weet en sê "Kyk, julle het ons hier geplaas as ʼn owerheid wat in beheer is van die plek, maar ons word nie deur die inwoners ondersteun nie." Dus moet hulle dit tuis bring aan die sentrale goewerment dat hulle verbeterings moet doen vir die mense dan om hulle te aanvaar.

MNR. JACOBS : Was jou en VCA se strewe nie in hierdie eenheidsdryfveer dat dit op ʼn landswye basis moet gebeur dat die Swartmense verenig moet word teen die sisteem nie? -- Ek self het dit nie so bedoel nie en het niks daaromtrent gedoen dat dit landswyd toegepas moet word nie. Wat die

VCA betref weet ek nie wat die doel van die VCA was met betrekking tot dit nie. Dus weet ek nie.

Het julle dit nooit bespreek terwyl jy nog in die aksiekomitee was voor die stigting van VCA nie? -- Wat bespreek?

Die strewe na die eenheid om die eenheid te bewerkstellig op ŉ landswye basis? -- Nee.

Was dit nie die doel van die affiliasie met UDF gewees nie? -- Tydens die affiliëring van VCA aan UDF was ek nie ŉ lid van VCA nie.

Jy sien, in julle bespreking van sekere resolusies wat die aksiekomitee opgestel het, as ek reg onthou het jy vir ons ŉ ander prentjie geskilder dat julle wel bespreek het die strewe na ŉ vereniging van die mense op landswye basis. Nou sê jy dit is nie so nie? -- Ek onthou nie dat ek so gesê het nie. Wat ek wel kan onthou is dat ek gesê het dat die voorstel was dat die organisasie sal moet saamwerk met ander organisasies wat dieselfde doelstellings het as die organisasie van ons.

Is dit reg dat hierdie een resolusie wat heel onder op die bladsy staan het jy geïdentifiseer as een van die resolusies wat die Vaal Action Committee opgestel het. Ek sal dit vir jou lees. Dit is AN13. Dit lees"We pledge to strive for the unity of our people under the banner of the Vaal Civic Association, to strive for co-operation and unity with our people in other areas of our country and to co-operate with genuine people's organisations in the country.

MR BIZOS : Whilst the witness is looking at it, the evidence that the witness was referring to was no doubt on page 10 773 to 10 774 which with respect bears him out, the witness, Volume 205. -- Hierdie stelling van u verwys na die

laaste/...

laaste paragraaf op hierdie bewysstuk wat handgeskrewe is. Ons het nooit so ŉ voorstel gemaak soos dit daar handgeskrewe staan nie.

MNR. JACOBS : Wat was die voorstel wat julle gemaak het van die Vaal Action Committee wat deel was van voorgestelde resolusies wat op die stigtingsvergadering voorgelê moes word namens VAC? -- Die voorstel wat ons gemaak het was dat hierdie organisasie wat gestig moes word, sal moet saam werk met ander organisasies wat dieselfde doelstellings het soos die een wat gestig word. (10)

HOF : In watter opsig dan? -- Die organisasie wat ons van voorneme was om te stig was ŉ "civic". So, die voorstel was dat hierdie "civic" na dit gestig is, sal moet saam werk met die ander "civics". Dit wil sê dit hang af wat die doelstellings is van die "civics" en wat dit is wat bespreek word wat in die algemeen teenwoordig is by al die "civics" waar hulle ook deel kan neem.

Het u dit so gesien dat ŉ "civic" is iets wat in opposisie staan teen die plaaslike bestuur? -- Toe ons die "civic" gestig het, was die hoof primêre doel daarvan dat dit moet (20) inkyk in die probleme wat ons alreeds in die lokasie identifiseer het. In die probleme het ons opgelet dat van die probleme kan nie maklik opgelos word nie, tensy daar ŉ verandering gebring word in die plaaslike bestuur.

MR BIZOS ASKS PERMISSION FOR ACCUSED NO. 9 TO BE EXCUSED.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Kyk, daar is verskillende vlakke. Byvoorbeeld, een "civic" het byvoorbeeld ŉ nuwe teerpad nodig. ŉ Ander "civic" wat sê nou maar geleë is sê maar in die Vrystaat wil graag ŉ speelpark hê. Dit is nie op daardie vlak wat julle sou saam werk nie? -- Nie (30)

op/...

op daardie vlak nie. Soos ek sê, ek het dit so gesien dat dit dinge is wat eintlik opgelos sou gewees het mits daar verbeterings aangebring word in die plaaslike owerhede of plaaslike goewerment. Dan sou ons saam gewerk het op daardie vlak.

Met ander woorde, u sou saam werk in verband met die sisteem, 'n verbetering van die sisteem van plaaslike owerhede in die algemeen? -- Ja, dit is so. Ook in die sin dat hulle die "resources" kan verdeel in die sin dat sê nou byvoorbeeld die ander "civic" het 'n sekere masjien wat benodig word om 'n sekere ding te maak, dan kan die ander "civic" wat naby woon, gebruik gaan maak van daardie selfde masjien.

'n Afrolmasjien? -- Sê byvoorbeeld 'n afrolmasjien, ja.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Terwyl u nou in aanhouding is, bly u op hoogte met politieke ontwikkeling? -- Ek lees koerante, maar ek het nie genoeg tyd om die verslae te ontleed wat ek in die koerante gelees het om te vergelyk wat dit nou beteken in my lewe as 'n persoon nie.

As u praat van onderlinge hulpverlening tussen "civics", het u probeer om die gedagte van die streekraadstelsel, soos wat dit nou beoog word, vir uself voor te stel en te begryp? -- Die streekkomitee wat gestig word deur die plaaslike besture of die plaaslike organisasies, verstaan ek nie. Ek is nie saam met u nie.

Dit is miskien 'n onbillike vraag om vir u te stel, maar voorsien u - is dit u siening dat die mense van sê nou maar die hele Witwatersrand behoort mekaar te help? -- Ja, in daardie sin sê ek ja, want soos ek alreeds vroeër gesê het, dit is partykeer nodig dat ons bymekaar moet kom omdat ons

dieselfde/...

dieselfde tipe probleem het om behandel te word. In daardie sin sou dit miskien raadsaam gewees het vir die mense op die Witwatersrand om saam te werk.

Dit is nou al die plaaslike owerhede in daardie gebied?

HOF : Blank en Swart?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Blank en Swart? -- Ja, dit sou ɦ goeie idee gewees het, tensy hulle meer mag verleen word om sekere dinge te doen, nie op wat hulle nou is nie.

HOF : Bedoel u tensy of mits? -- Mits, verskoon my.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : En as u praat van wat hulle nou is, bedoel u wat hulle was toe u hulle geken het? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Hierdie algemene veranderinge wat julle te weeg gebring het, in daardie siening en beplanning, was die Swart plaaslike besture soos ingestel deur die Wet op Swart plaaslike besture nie vir julle aanvaarbaar nie? -- Aan my was dit nie aanvaarbaar nie.

En ook daar toe julle bespreek het hierdie besondere resolusie, toe was dit ook nie vir die hele aksiekomitee van die Vaal aanvaarbaar nie? -- Die inwerkingstelling van die Black local authorities, toe dit in werking gestel word was dit reeds nie aanvaar nie, want dit was alreeds duidelik dat dit ons niks sal help nie.

En van die "aims and objects" waarna jy verwys van ander burgerlike gemeenskapsorganisasies, dieselfde "aims and objects", is almal wat teen die instelling is van Swart ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, wag, wag, u maak dit ɦ bietjie moeilik vir die getuie. Lees nou net vir hom die sin. Die sin wat u gesê het, soos opgeskryf is die volgende "Another one was that

after/...

after the formation of the civic association, this will have to work together with other organisations with the same aims and objects." Nou vra die advokaat u oor hierdie "aims and objects"?

MNR. JACOBS : Sou die samewerking dan ook wees met ander organisasies, burgerlike gemeenskapsorganisasies wat ook gekant is teen die Swart plaaslike besture en die raadstelsel? -- Ek kan nie onthou dat ons dit so breedvoerig bespreek het in die aksiekomitee nie. Wat ek wel kan onthou is dat ons het melding gemaak van die "civics".

HOF : Weet u van enige "civic" wanneer hy ook al ontstaan het wat ten gunste van die Swart plaaslike besture was soos ingestel deur die Swart plaaslike bestuurwet? -- Ek weet nie of daar een was wat dit aanvaar het nie. Ek weet van ŉ "community organisation" wat gesê het dat hulle gekant was teen die instelling van die "community councils", maar toe die verkiesings gehou was later, het hulle toe gesê dat hulle ook gaan staan vir verkiesings.

Ek wil weet van ŉ organisasie wat genoem was ŉ "civic". Weet u van enige "civic" wat ten gunste was van die Swart plaaslike besture? -- Ek weet nie van ŉ "civic" wat bekend gestaan het as ŉ "civic" wat ten gunste daarvan was nie, maar hierdie organisasie wat ek van praat was ŉ organisasie van die gemeenskap wat toe later gaan staan het vir die verkiesings in die jaar 1983,alhoewel dit nie as ŉ "civic" genoem was nie.

MNR. JACOBS : En een van die "aims" en die "objects" van die VAC was dat ontslae geraak moet word van die Swart plaaslike besture? -- Ons bedoeling daar was dat ons dit bekend moet maak dat die goewerment daarvan moet weet

dat/...

dat die instelling van hierdie plaaslike besture sal nie ondersteun word deur die gemeenskap nie, dit wil sê die inwoners, mits hulle met meer magte - tensy hulle met meer magte verleen word.

En as dit nie gebeur nie, moet die gemeenskap ontslae raak van hierdie Swart plaaslike besture? -- As dit nie gedoen word nie, moet ons voortgaan met die protes teen hierdie tipe plaaslike bestuur tot tyd en wyl die goewerment daarvan bewus word en 'n verandering aanbring.

Een van die ander "aims and objects" was dat hierdie plaaslike - daar moet aangedring word by die gemeenskap dat hierdie plaaslike raadslede moet bedank? -- By die vergaderings wat ek in Augustus 1984 bygewoon het, was daar so 'n beroep gemaak dat die persone, die lede, moet bedank.

Hierdie oproep het nie net daardie tyd gekom nie, het dit nie al voorheen gekom dat selfs met die verkiesing was dit al gesê dat die mense moenie vir hulle stem nie, want julle wil hulle nie hê nie en hier praat ek van die aksie-komitee?-- In daardie tyd van die verkiesings het ons gesê ons gaan nie deelneem aan die verkiesings nie, want hierdie mense dra nie die goedkeuring van die gemeenskap nie en dit was in Augustusmaand 1984 dat die gemeenskap dit duidelik gemaak het dat die mense is nie in staat om hulle te help nie. Dus het hulle die beroep gemaak dat hulle moet bedank.

Was dit nie julle wat dit duidelik gemaak het dat die mense moet bedank nie? Julle het die gemeenskap toegespreek op vergaderings en aangedring - en aan hulle voorgestel hulle moet daarop aandring dat hierdie mense moet bedank nie? -- U praat van julle. Wie is dit?

Jy het op die vergaderings gepraat saam met ander

mense/...

mense. Almal wat op die vergaderings gepraat het wat jy bygewoon het en julle wat sprekers was en wat saamgestem het met mekaar, het dit by die gehore tuisgebring? -- Ek het dit gesê sowel as baie van die gemeenskapslede het dit gesê. Daar was nie net spesifieke persone of uitgesoekte persone wat daarvan gepraat het nie.

Maar dit is algemeen op die vergaderings oorgedra aan die publiek oor en oor? -- Die publiek het dit ook self gesê dat die mense moet bedank. Soos ek alreeds gesê het, dit was nie uitgesoekte mense wat dit gesê het nie, maar wel ook van die publiek se kant af het dit gekom dat die mense moet bedank.

Watter ander "aims and objects" was nog bespreek op julle VAC vergadering toe julle daaroor besin het? -- Nee, daar is nie wat ek van onthou nie.

Nou hoe sal julle nou weet watter "aims and objects" van ander organisasies gaan ooreenkom met die "aims and objects" wat julle beoog as julle dit nie bespreek het nie? -- Ons het nie ŉ grondwet gemaak vir die organisasie wat gestig moet word nie. Dus sal ek nie weet wat bespreek was wat moontlik ook die probleme sou gewees het van die ander organisasies wat op dieselfde vlak is as hierdie een nie.

Jy stem saam, julle het dit so belangrik geag hierdie aspek dat julle ŉ spesiale resolusie vooraf bespreek en beplan het en opgestel het daaroor. Is dit reg? -- Die voorstel wat ons gemaak het is ŉ breë voorstel in die sin dat ons niks spesifiek bespreek het wat ons na verwys as ons daarvan praat nie.

Sê u nou dat u het nie hierdie resolusie of wat as

ŉ voorstel moes gedien het op die vergadering van 9 Oktober bespreek nie? -- Ek sê nie so nie. Ek sê ons het ooreengekom in hierdie voorstel dat die "civic" sal saam werk met ander "civics" wat dieselfde tipe probleme het en ons het toe nie spesifiek na sekere probleme verwys en gesê byvoorbeeld hierdie probleem en dan moet dit bespreek nie.

Ek het nie vir jou gevra van probleme nie. Ek het vir jou gevra van "aims and objects" wat julle bespreek het. Miskien kan jy nou my vraag antwoord? -- Dieselfde geld vir dit.

So, julle het geen "aims and objects" bespreek nie, absoluut niks? -- Ek kan nie onthou dat ons dit bespreek het nie.

U sien, om te verenig, hierdie vereniging wat julle na gestreef het, jy onder andere ook, saam met die aksiekomitee en die lede wat later op VCA verkies was, vir daardie, om die mense te kan verenig, soos julle dit nastreef, is dit nodig dat raakpunte uitgesoek moet word? -- Daar is nie so iets soos u dit nou stel nie. Daar was wel probleme in die gemeenskap in die lokasie wat almal van bewus was. So, dit was nie vir mense nodig om iets uit te soek nie, om mense te kry om te verenig nie.

Kan jy dan vir die Hof sê, hoekom het julle dan gedurig so gehamer op die vergaderings omtrent die huur? Hoekom was dit gedurig nodig om die mense attent te maak omtrent die huur, omtrent paaie, omtrent ander "issues"? Hoekom moes dit oor en oor herhaal word? -- Dit was probleme wat bestaan het in die lokasie. Selfs van die raadslede wat hier getuig het, het melding daarvan gemaak dat dit probleme was wat bestaan het daar. So, ek kan nie sien dat dit gestel word

as/...

as ȟ ding wat ons na gaan soek het of altyd daarop gehamer het nie, want almal was daarvan bewus.

Maar julle het dit gedurig oor en oor vertel op die vergaderings, is dit nie, as sprekers? -- Die probleme was herhaalde kere gesê omdat ons oplossings wou gehad het elke keer wat ons bymekaar gekom het. Selfs by die gemeenskapsraad se vergadering het hulle ook hierdie probleme herhaalde kere bespreek.

En is dit nie so dat hierdie raadslede het eerlik probeer om van hierdie probleme op te los nie en dat daar op die begroting besprekings was vir die aanlê van elektrisiteit, verbetering van paaie? Baie van hierdie probleme wou hulle oplos? -- Van die probleme was duidelik gewees dat dit nie opgelos kan word onder hierdie nuwe plaaslike bestuurwet nie. Al was die raadslede of die Raad self byvoorbeeld gemoeid met die ding dat hulle self met die gemeenskap wil werk en die probleme van die mense oplos, was daar sekere dinge wat in die pad van die Raad self gestaan het wat dit vir die Raad bemoeilik het om dit voort te sit.

<u>HOF</u> : Kan u van ȟ geval onthou waar die Raad krediet gekry het vir wat hulle gedoen het? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Stem u saam dat om die mense van die gebied te verenig teen die raadslede het julle ook gedurig vanaf die platform waar julle vergaderings gehou het, waar jy ook teenwoordig was, die raadslede uitgeskel as "puppets" van die Regering? -- Ek stem nie saam dat dit die doelstelling van die toesprake aan die mense was nie. Ek het alreeds verduidelik wat die doelstellings was, verskeie kere.

<u>HOF</u> : Dit gaan nie oor die doel nie. Dit gaan oor die inhoud van die toespraak. Trek u ȟ onderskeid?

MNR. JACCBS/...

MNR. JACOBS : Beskuldigde nr. 9 is terug.

HOF : Is beskuldigde nr. 9 in staat om in die hof te wees?

MR BIZOS : I think so, yes, My Lord. -- Die stelling het ek verstaan dat die stelling was dat die woorde van "puppets" herhaalde kere gebruik was om die mense te verenig teen die Raad. Ek het reeds verskeie kere verduidelik wat die doel was van my gebruik van daardie woorde en waar die woorde deur my gebruik was.

HOF : Nee, die vraag het ek verstaan bloot as ŉ stelling aan u dat die woord "puppets" herhaaldelik op vergaderings gebruik is? -- Ja, dit was gebruik, want hulle is maar "puppets".

MNR. JACOBS : Net so is herhaaldelik in die toesprake die raadslede uitgekryt as "sell-outs", dat die mense dit moet glo van hulle? -- Ek onthou dat ek dit self gebruik het en ek onthou myself as ŉ persoon wat daardie woorde gebruik het en ek het ŉ rede daarvoor gegee hoekom ek dit gebruik het.

Maar ander het dit ook gebruik op die vergaderings? -- Ek sê ek kan net van my self onthou.

HOF : Op al die vergaderings? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Op al die vergaderings wat jy toegespreek het het jy gesê hulle is "sell-outs"? -- By die vergadering van 26 Augustus 1984, dit is die VCA vergadering.

Is die raadslede ook uitgekryt as honde op die vergaderings wat jy bygewoon het? -- Nee.

En die gedagte was dat hierdie gemeenskap van die Vaal moes die raadslede sover kry dat hulle moes bedank, dat hulle onfunksioneel word? -- Die doel was dat hulle moet besef hoeveel ontevrede ons was met wat hulle doen.

HOF : Daar is twee moontlikhede. Die een is dat iemand

sê/...

sê dat iemand wat ŉ amp vervul moet bedank sodat daar ŉ verkiesing kan kom sodat daar iemand anders in sy plek kan kom sodat die werk beter gedoen word deur daardie persone in die amp. ŉ Ander moontlikheid is dat gesê word dat so ŉ persoon moet bedank, sodat die amp nie meer gevul sal word nie. Wat het u in gedagte gehad? -- Wat ek in gedagte gehad het was dat die mense moet bedank sodat die goewerment bewus kan word van die feit dat ons nie die struktuur wat hulle in werking gestel het daar aanvaar nie, dat hulle maar ŉ ander struktuur kan in werking stel.

MNR. JACOBS : Wat se ander struktuur moes julle in werking stel? Wat het jy in gedagte gehad, jy en die mense wat soos jy gedink het? -- Ek het alreeds gesê watter soort struktuur ek van praat. Dit is dat dit ŉ struktuur moet wees met meer magte en wat politieke magte sal hê.

HOF : Hoe bedoel u politieke magte? -- Ons het die Dorpsraad wat nie die magte het om eie besluite te neem oor iets wat hulle wil doen in die ontwikkeling van die Swartwoonbuurt nie. Al het hulle iets in gedagte, hulle moet nogtans die Ontwikkelingsraad gaan raadpleeg dat hulle dan as deskundiges kan besluit of dit gedoen kan word of nie. In daardie sin sê ek hulle het nie die "political powers" nie.

Dit is blote magte. Dit is bevoegdhede. Dit het niks met politiek te doen nie? -- Ek dink dit is dieselfde, dit val onder dieselfde. Die rede hoekom ek so sê is omdat die Minister wat later moet besluit op hierdie magte, die bevoegdhede van hierdie mense is dieselfde Minister wat moet oorweeg of dit gedoen moet word vir mense wat eintlik nie permanent is op die plek nie. Byvoorbeeld, hy kan besluit die mense behoort nie ŉ stadion te kry soortgelyk aan

Ellispark/...

Ellispark nie, want hulle is nie permanent daar nie. Hulle is mense wat verbygaan. Dit is hoekom ek sê dit val onder dieselfde kategorie sover as wat die politiek betref.

MNR. JACOBS : Jy sien, die ding gaan eintlik nog verder as dit. Julle het so sterk gevoel dat hierdie raadslede moet bedank en so sterk die boodskap oorgedra dat as hulle geweier het om te bedank, dan moes daar verdere stappe geneem word? -- Wat is die verdere stappe wat geneem moes word?

Weet jy van geen verdere stappe wat teen raadslede geneem moet word as hulle nie bedank nie? -- Ek weet dat hulle besighede geboikot moet word.

So, eintlik word hulle nou afgepers om te bedank. Is dit nie so nie? Gedwing om te bedank? Intimideer om te bedank?

MR BIZOS : All those words presuppose unlawful acts, toe intimidate, to "afpers". I am not sure about the third one, but those two are unlawful. To boycott is not unlawful.

HOF : U moet die vraag verander.

MNR. JACOBS : Ek sal hom verander. Wat was die agterliggende gedagte gewees hoekom moet hulle geboikot word? -- Die doel daarmee was om hulle bewus te maak dat hulle moet bewus word dat die gemeenskap nie bereid is om hulle te ondersteun nie en met die gevolg dat hulle dan terugval by die gemeenskap en nie saamgaan met hierdie stelsel wat in werking is nie.

Maar die raadslede was mos bewus daarvan, volgens ek jou getuienis en al die getuienis sover hier verstaan het dat die gemeenskap wil hulle nie hê nie, die stelsel hê nie? -- Ja, ek aanvaar so, maar hulle het hulle self bereid verklaar omdat hulle self wins gemaak het om gebruik te word in hierdie stelsel.

So/...

So, dit is nou nie meer om hulle bewus te maak dat hulle geboikot word nie, maar dit moet 'n ander doel dan wees? -- Ek sê ons wou hulle bewus gemaak het dat ons hulle nie ondersteun nie en die verdere vraag is dan dat hulle was dan bewus dat hulle nie aanvaar word nie. Ek sê ja, hulle was daarvan bewus, maar nogtans het hulle hulleself bereid verklaar om gebruik te word om wins te maak vir hulle.

HOF : Wel, die doel van 'n boikot is seker om druk uit te oefen op hulle dat hulle moet bedank? -- Die doel van die boikot van hulle besighede was dat hulle bewus moet word dat ons nie die besighede gaan ondersteun nie, met die gevolg gaan hulle nou verloor op die besighede en dat hulle dan moet besef hulle moet bedank om nie die verlies te ly nie.

MNR. JACOBS : So, dit was om dwang op hulle uit te oefen. Dit is korrek. Ja of nee? -- Dit was 'n uitdrukking van ons ontevredenheid daar. U kan dit vat dat hulle gedwing was om te bedank.

Die gevoel oor die eenheid in aksie om hierdie mense te dwing om te bedank was so sterk gewees dat slegs sekere persone net toegelaat was om nie aan die wegbly-aksie deel te neem op 3 September nie?

HOF : Laat ons nou nie twee dinge deurmekaar gooi nie. U was besig om die getuie te kruisondervra oor 'n boikot. Die boikot sou nie noodwendig op die 3de begin het ek gehoor nie, maar daar sou 'n boikot wees onbepaald. U is nou besig om oor iets anders te vra, as ek dit reg het. Dit wil sê oor die algehele wegbly-aksie. U moet die ding nie deurmekaar krap en die getuie verwar nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit net ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : One I see as compulsion, coercion and restraint.

I do not want semantic arguments, but I do not know how it has come out in the interpretation. It is capable of three meanings. I do not know which one, in what sense - if there is any suggestion that one has any degree of unlawful conduct in it, I object to the question. If I am assured that it is used in the sense of pressure, economic pressure or that they will lose their business, then I have no objection.

COURT : It probably was interpreted in the same sense as my word "druk" was interpreted.

MR BIZOS : Yes, pressure, "druk", I would have no objection to that. -- Dit is so. (Tolk herhaal die woord wat deur die getuie in sy taal gebruik was)

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou verder stel dat die nastrewing van die eenheid in aksie op hierdie vergaderings word ook beklemtoon deur die feit dat toe daar besluit was oor die wegbly-aksie is net sekere persone kwytgeskel van wegbly? -- Herhaal die vraag?

Ek sê dat - ek sal dit miskien anders stel - deel van hierdie boodskap van eenheid in aksie wat julle oorgedra het aan die mense, jy en die ander sprekers, was so sterk oorgedra by die gemeenskap dat slegs sekere spesifieke mense verbonde aan sekere klasse werk, kwytgeskel was van deelname aan die wegbly-aksie? -- Daar was 'n ooreenstemming gewees dat sekere mense nie deelneem aan die wegbly-aksie nie, maar dit was nie so gestel dat dié wat voel dat hulle nie deel wil neem verplig moet word om deel te neem nie. Hierdie gebruik van verenig in aksie, ek weet nie hoe u dit gebruik om hier betrek te word op hierdie besluit nie.

Was dit nie julle doel gewees dat die mense moet

verenig/...

verenig om deel te neem aan die wegbly-aksie nie?

HOF : Mnr. Jacobs, u kan nou baie lank oor die woorde speel. Basies was hier ŉ wegbly-aksie en die bedoeling van die organiseerders was dat dit ŉ gesamentlike wegbly-aksie kan wees. Nou kan ŉ mens allerhande woorde daaraan knoop, maar waar bring dit ons?

MNR. JACOBS : Ek wil dit dan verder aan jou stel dat die boodskap was ook duidelik aan hierdie mense oorgedra toe spesifiek gevra word wat sal gebeur met mense wat gearresteer word, dat die organisasies, onder andere VCA sal vir hulle sorg, vir hulle kinders en so aan? -- Ek stem nie saam met u stelling dat dit gesê was dat VCA die kinders van die mense wat gearresteer kan word sal voor sorg nie.

Het niemand op daardie vergadering gesê dat as mense gearresteer word sal die organisasies wat die wegbly-aksie organiseer sorg vir die kinders en vir die mense wat gearresteer word nie? -- Ek kan nie so ŉ antwoord onthou nie.

Jy sien, jy praat nou dat hierdie wegbly-aksie was, u noem dit, ook op ŉ vrywillige basis? -- Wat gesê was daar was dat ons hoop hierdie wegbly-aksie sal ondersteun word deur die meerderheid van die mense in die Vaal, maar daar was niemand wat verplig was om deel te neem nie.

Maar nogtans gaan hierdie organiseerders so ver om te versoek dat die busdienste heeltemal onttrek moet word. Hoe sou mense dan kon gaan werk het? -- Die busbestuurders vorm ŉ gedeelte van die gemeenskap en die beroep word ook gemaak aan hulle as die inwoners en as hulle dit aanvaar, beteken dit nie dat dit nou mense gaan verplig om deel te neem aan die wegbly-aksie nie as die bestuurders dit aanvaar.

HOF : Hoeveel kilometer is dit van die middel van Sebokeng

af na die middel van Vereeniging? -- Dit kan ongeveer 20 wees.

MNR. JACOBS : Jy sien, dit is nie net ŉ kwessie van dat dit daar op die vergadering gesê is nie. Daar is spesifiek ŉ beroep op die buseienaars gedoen om hulle busdienste te onttrek? -- Wat ek by hierdie vergadering gehoor het, was die volgende. Dat die busbestuurders ŉ gedeelte van die gemeenskap is. Dit word dus gevra dat hulle ook deelneem aan die wegbly-aksie as gedeelte van die gemeenskap en daar moet ŉ versoek gerig word aan die maatskappy van die busse om dié mense as ŉ gedeelte van ŉ gemeenskap, dit wil sê die busbestuurders toe te laat om deel te neem aan die wegbly-aksie.

Is daar niks gesê omtrent die onttrekking van busse uit die gebied nie? -- Wat gesê was was dat die busbestuurders moet deelneem aan die wegbly-aksie. Ek kan nie onthou dat dit gesê was dat die busse nie die dag moet werk nie.

Ek wil jou net verwys na BEWYSSTUK AN15(vi). Hierdie is ŉ kennisgewing "Residents of the Vaal Triangle hereby request you to withdraw your transport services on 3 September 1984 for 24 hours in protest against high rentals tariffs in the Vaal Triangle." Stem jy saam dat dit is ŉ dokument wat daar uitgegee is en dat die dokument aan die mense gerig was? -- Ek sien hierdie dokument. Ek het nie deelgeneem in die voorbereiding van hierdie soort dokument nie, waar daar ŉ besluit geneem was om hierdie dokument op te stel wat aan die busvervoer maatskaplike dienste gerig moet word nie. Ek het alreeds aan u verduidelik wat ek gehoor het wat gesê was by hierdie vergadering.

HOF : As die wegbly-aksie algeheel op ŉ vrywillige basis moet wees, totaal vrywillig, sodat iemand wat wil gaan

werk/...

werk moet kan gaan werk, is die busdiens dan nie ŉ noodsaaklike diens nie? -- By hierdie vergadering kan ek nie onthou dat daar iemand melding gemaak het van die busdienste as een van die noodsaaklike dienste nie. Dus aanvaar dat diegene wat gevoel het om werk toe te gaan, sou gereël het vir alternatiewe vervoer om by die werk uit te kom.

Wat bedoel u met alternatiewe vervoer? -- Soos ek alreeds gesê het, die noodsaaklike dienste wat gereël was, was die hospitale en ons was bewus daarvan dat daar ambulanse, privaat voertuie en busse teenwoordig is by die hospitale wat hulle kon gebruik het vir die vervoer van die mense aan diens. Met die gevolg, as ek praat van alternatiewe vervoer praat ek van byvoorbeeld ŉ groot maatskappy wie se dienste hulle self as noodsaaklik beskou het voertuie. Dié sou gebruik gemaak het van voertuie van hulle eie om die mense te kan vervoer wat werk toe gaan.

En dié wat nou bloot in die huise werk as huisbediendes?
K664 -- Ek sien dit gebeur baiemaal daar in die lokasie dat in die môre die werkgewers die huisbediendes kom haal by die lokasie en dan in die aand bring hulle die huisbediende terug.

MNR. JACOBS : Daar is tog baie wat van die busse en die openbare vervoer gebruik moet maak om by hulle werke te kom? -- Ja, die trein is ook daar. Dit kon gebruik gewees het.

HOF : Ek wou dit vra oor die trein, is die trein ŉ praktiese proposisie vir al die gebiede, vir Evaton, Sebokeng, Small Farms, Boipatong, Bophelong, al die plekke? Is daar orals treindienste beskikbaar? -- Vir die meeste van die areas in die Vaal is die treinvervoer ver van hulle af. Al is dit so, ek sê as die busbestuurders aanvaar het dat hulle ŉ gedeelte van die gemeenskap vorm en dat hulle deel gaan neem aan die

wegbly/...

wegbly-aksie en ek as ŉ persoon is van plan om werk toe te gaan, sou ek nie omgegee het om te loop vanaf Gebied 13 na die naaste spoorwegstasie toe waar ek ŉ trein kon haal nie.

Hoe lank sou u stap? -- Tussen 15 en 20 minute se stap.

Dit is vanaf Gebied 13? -- Ja.

Tot Houtkop stasie? -- Nee, dit is die stasie net voor Houtkop bekend as Kwaggastroom.

En nou van Evaton af? Gestel nou ŉ mens woon aan die westekant van Evaton, hoe kom jy dan by die stasie? -- U kan na ŉ spoorwegstasie toe gaan ander kant Gebied 7 bekend as Eatonside of alternatiewelik Residensia spoorwegstasie.

Hoe lank sal jy stap? -- Dit is omtrent 30 minute se stap om daardie distansie te loop.

As ŉ mens in Gebied 12 woon? -- Dié sal saam met my gaan na Kwaggastroom toe.

Hoe lank sal hy stap as hy aan die westekant van Gebied 12 bly? -- Omtrent dieselfde tyd soos ek.

15 na 20 minute? -- Ja, dit is so.

En as jy nou in Bophelong en Boipatong bly? -- Daardie mense woon amper by die fabrieke waar hulle werksaam is. Hulle kan sommer te voet stap na die werk toe. In 5 minute se tyd is hulle by die werk.

Werk hulle almal in daardie fabrieke? -- Die meerderheid van hulle.

Waar werk die ander? -- Van hulle kan weggaan vanaf Boipatong of Bophelong na Vereeniging toe.

Dan moet hulle met die trein gaan. Waar is hulle naaste stasie? -- Ek kan sê hulle is ver van die spoorwegstasies. Hulle maak nie gebruik van treine nie.

So, dit kan nie gedoen word van daar af nie? -- Ja,

hulle/...

hulle kan ander maniere van vervoer gebruik soos ek alreeds gesê het.

Sharpeville? -- Sharpeville se mense is naby Vereeniging en die meerderheid van die mense werk op Vereeniging.

En die ander? -- Wat in Vanderbijlpark werk sou ook nodig gehad het om 'n ander manier van vervoer te kry.

So, hulle kon nie die trein haal nie? -- Nee.

MNR. JACOBS : 'n Tweede ding wat ek sien dan in hierdie kennisgewing is dat daar gesê word dat hierdie aksie of protes sou vir 24 uur geduur het van die 3de af? -- Nee, ek kan nie onthou dat daar enige besprekings uitgevoer was oor die tyd, hoe lank dit moet neem nie. Al wat ons verstaan het, almal van ons, is dat die wegbly-aksie is bedoel vir die 3de, alleenlik vir die 3de.

En is dit dan korrek dat die verdere moontlike transport wat die mense het, dit is huurmotors, het jy effektief daar op die vergadering ook as 'n moontlikheid uitgeskakel? -- Ja, ek het daar 'n vraag geantwoord en die persoon wat die vraag gevra het was tevrede met my antwoord op die vraag wat hy gevra het.

Waar jy vir hom gesê het dat julle verwag dat almal moet deelneem aan hierdie wegbly-aksie, ook huurmotorbestuurders moet nie daardie dag werk nie en hulle huurmotors gebruik nie as hulle wil verhoed dat hulle motors met klippe gegooi word? -- Hy het saam met my antwoord gestem toe ek gesê het vir hulle as gedeelte van die gemeenskap is dit ook belangrik dat hulle deel moet neem aan die aksie van die gemeenskap.

Met ander woorde, hulle word nie kwytgeskel nie? -- Ook nie verplig nie.

Hulle word nie kwytgeskel nie. Is dit reg? -- Ek erken

dat/...

dat ons hulle nie kwytgeskel het as gevolg van die werk dat hulle gedoen het, dat dit beskou kan word as noodsaaklike dienste nie, maar hulle was ook nie verplig nie.

Die man se vrees was mos nie gewees dat as hy nie deelneem nie. Sy vrees was mos gewees as hy met sy huurmotor gaan ry gaan hulle hom met klippe gooi? -- Dit was verduidelik in hierdie vergadering dat die wegbly-aksie tesame met die optog sal op 'n goeie manier gedoen word, dit wil sê normaal. Dus dit word nie daaraan gedink of verwag dat daar sulke dinge kan plaasvind nie. Volgens my observasie was dit ook gedek gewees deur die feit dat hy, die man, aanvaar het dat hy 'n deel is van die gemeenskap en hy was ook tevrede gewees en sy dank uitgespreek daaromtrent. Dus was daar geen verdere besprekings gewees nie.

Is dit reg dat jou oplossing daar aan hom was gewees dat as hy wil verhoed dat hy gegooi word met klippe dan moet hy deelneem aan die wegbly-aksie.

MNR. BIZOS : As hy bekommerd was. I think that is what the evidence was.

COURT : He was worried. Bekommerd as dit "worried" is.

MNR. JACOBS : As hy bekommerd was dat sy voertuig met klippe gegooi sal word, was jou oplossing gewees dan moet hy wegbly van die strate af met sy kar en deelneem aan die wegbly-aksie? -- My antwoord daarop in die eerste plek was dat ons glo nie dat dit kan gebeur nie, want ons is van voorneme en die bedoeling is dat hierdie optog sal 'n normale optog wees. Dit sal op 'n normale manier gedoen word. Tweedens, het ek gesê dit word verwag van hulle as lede van die gemeenskap dat hulle deel moet neem aan die wegbly-aksie.

Jy stel dit weer vir my baie eienaardig hierso. Jy

sê/...

sê ons voorneme en ons bedoeling. Wie is ons wat die voorneme het en wat die bedoeling het? -- Ek praat van die hele gemeenskap wat teenwoordig was, dit wil sê die gehoor teenwoordig by al die vergaderings.

By al die vergaderings? Sê vir ons watter vergaderings is al die vergaderings? -- Die vergadering wat ek bygewoon het op 25 Augustus en die vergadering wat ek bygewoon het die middag van 26 Augustus.

Nog? -- Nee, daar is nie ꞌn ander een nie.

Ons het al gehoor daar was nie baie mense op die 25ste se vergadering nie, hoeveel mense was op hierdie vergadering? -- Sewe- tot agthonderd.

HOF : Die vergadering synde?

MNR. JACOBS : Die middag van die 26ste. -- Nee, nee, dan het ons mekaar nie verstaan nie. Ek praat van die vergadering van die 25ste.

HOF : En die vergadering van die 26ste die middag? -- Duisend plus.

MNR. JACOBS : Sal jy met my saamstem dat op die twee vergaderings wat jy noem was daar op die uiterste dan tweeduisend mense en hulle kan nie besluit vir die hele gemeenskap van die Vaal nie. Is dit reg? -- Ja.

En hulle kan ook nie dan ꞌn versekering, net tweeduisend mense, as jy sê dat dit die mense is wat op die vergaderings was, gee dat daar nie sal klipgooiery wees nie of daar ander mense tevrede gaan wees nie? -- Die mense woon tussen die gemeenskap van die Vaal. Hulle is geregtig en hulle het die reg om hulle gevoelens uit te druk en hulle was besig om ꞌn wegbly-aksie te beplan wat eintlik ꞌn wegbly-aksie is wat normaal is.

Ek/...

Ek stel weer my vraag. Jy antwoord nie my vraag nie. Ek stel dit aan jou dat tweeduisend mense wat op ŉ vergadering was, en daar word ŉ wegbly-aksie beplan, kan nie ŉ onderneming gee vir ŉ paar honderdduisend mense om te sê dat daar sal nie geweldpleging plaasvind nie? -- Hulle is in staat om dit te sê, veral as dit nog nie vantevore gebeur het in die gebied waar hulle woon nie. Hulle is geregtig om vir die mense te sê dit sal nie gebeur nie, omdat hulle dit nog nooit gesien plaasvind het daar nie.

Jy sien, dit is vir my baie interessant. Ek wil net my stelling vir jou klaar maak. Jy sê, ek wil dit aan jou stel dat hierdie storie wat jy nou vertel vir die Hof dat dit die mense op die vergadering is, is nie die waarheid nie. Die beplanning was gedoen - die ons waarna jy verwys is na jou gesamentlik met die mense van VCA, Esau Raditsela, Edith-hulle en al die mense wat deel vorm van die VCA? -- Ek was nie betrokke gewees by die mense wat u nou noem indien hulle enige beplannings daar gemaak het nie. Al wat ek kan sê is, ek was teenwoordig by die besluite van die gemeenskap waar die vergaderings gehou was.

En jy het spesifiek op hierdie tweede vergadering hierdie besluite aangestig en aangemoedig toe jy dit voorgestel het dat daar ŉ wegbly-aksie sal wees?

HOF : Ja, maar mnr. Jacobs, is u nie nou besig om verder met die getuie te argumentter nie? Wat hy gedoen het weet ons. Wat die resultaat daarvan is, kan u argumenteer.

MNR. JACOBS : Jy sê daar was nog nooit enige geweldpleging in Sebokeng of in daardie gebiede gewees waar busse en ander vervoer betrokke was nie?

HOF : Praat u nou van die Vaal Driehoek of van Sebokeng

self/...

self of van wat praat u?

MNR. JACOBS : Sebokeng en in die Vaal. Sebokeng self.

HOF : Sebokeng self of die Vaal? Ons moet duidelikheid kry.

MNR. JACOBS : Sebokeng self in die Vaal.

HOF : En die Vaal?

MNR. JACOBS : Ek sal eers net Sebokeng vat? -- Ja, ek kan nie so ŉ aanval onthou nie.

HOF : Bedoel u ŉ aanval op busse?

MNR. JACOBS : ŉ Aanval op busse in Sebokeng.

HOF : Wat is u antwoord? -- My antwoord is dat ek nie so ŉ aanval op busse onthou nie.

MNR. JACOBS : Kan jy onthou dat daarso in Junie 1981 in Sebokeng in Adamsweg, dat daar ŉ bushalte aangeval en aan die brand gesteek is?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Evaton sê u?

MNR. JACOBS : Adamsweg bushalte, Sebokeng. -- Ek onthou van so ŉ insident wat plaasgevind het in Evaton in die jaar 1981.

HOF : Wat het daar gebeur?-- Busse was aangeval gewees en van die busse het aan die brand geslaan.

Hoekom is hulle aangeval? -- Dit was die aand van Junie 16, die vooraand. Die busse was daar aangeval as gevolg van wat plaasgevind het op die datum van Junie 16.

Hoe bedoel u? Op daardie dag of is hulle aangeval ter herinnering aan wat vantevore op Junie 16 plaasgevind het? -- Dit was met die herdenking van 16 Junie wat plaasgevind het op die datum van 16 Junie in die verlede. Dit het plaasgevind ŉ dag net voor 16 Junie dat hierdie busse aangeval was.

Maar hoekom is die busse aangeval? -- Ek sal nie in

staat/...

staat wees om ŉ goeie verduideliking te kan gee hoekom die busse aangeval was nie, maar wat ek wel vir die Hof kan sê is, dit het gebeur, dit was hierdie dag gewees en die busse was aangeval.

Is dit nou in Adamsweg? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Kan jy onthou deur wie is hierdie busse aangeval? --Ja, ek kan onthou.

Was dit deur inwoners van daardie gebied, Swartgebied? -- Ja, dit is so.

Hoe is die busse aangeval? Met klippe gegooi, aan die brand gesteek of hoe? -- Dit is aan die brand gesteek.

Was daar ook in daardie tyd ŉ skool aan die brand gesteek? Jordan Skool? -- Nee, ek weet nie.

Die mense wat die busse aangeval het, was dit ook van COSAS mense? -- Ja, van hulle was COSAS lede gewees.

En jy was daardie tyd op die bestuur van COSAS gewees, as ek reg onthou as voorsitter? -- Ja, dit is so.

HOF : Maar waarom is die busse aangeval? -- Ek weet nie van ŉ presiese rede hoekom die busse aangeval was nie, maar dit het gebeur dat busse in daardie tyd aangeval was.

Sou u dan sê dit was ŉ sinnelose optrede? -- Ja, dit is hoe ek dit vat.

MNR. JACOBS : Maar die feit bly, daar was dan al in daardie woongebiede, blykbaar ôf in Sebokeng ôf in Evaton in Adamsweg, al voorheen aanvalle in die Vaal op openbare vervoer? -- Ja, ek erken dit, hoewel dit in 1981 plaasgevind het, maar dit het nie meer in ons gedagtes geregistreer nie.

Maar dit is heeltemal ŉ verkeerde ding wat jy netnou vir die Hof gesê het. Ek stel dit aan jou uitdruklik jy het die Hof mislei toe jy gesê het dit is so ŉ vreedsame

gemeenskap/...

gemeenskap daardie dat hulle weet nie van sabotasie of brand van busse of aanvalle op busse of openbare vervoer nie? Toe het jy vir die Hof 'n leuen vertel? -- Ek was nie besig om die Hof doelbewus te mislei nie. Dit het my net ontgaan. Ek het skoon vergeet daarvan en opdie tydstip toe hierdie aangeleentheid bespreek was by die vergadering, het dit nie meer in die mense se gedagtes geregistreer dat hulle daarvan kon onthou het nie.

HOF : Kyk 'n bietjie na hierdie kaart van my of lugfoto, dit is AAR1. My gedagte is dat die heel boonste horisontale rooi streep moontlik Adamsweg is. Kan u net vir my sê waar Adamsweg is? -- Ja, die rooi streep net onderkant die woord Evaton in 'n kring is Adams Road. Dit gaan reguit na 3 toe.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, nog onder eed

MR BIZOS : My Lord, there is a request from the head of the prison for an appointment to be made with a radiologist for accused no. 20, Mr Lekota for tomorrow if Your Lordship would approve of it.

COURT : At what time?

MR BIZOS : 10h00 at the hospital.

COURT : So, he would not attend.

MR BIZOS : He probably would not attend.

COURT : That is in order.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Malindi, hierdie 16 Junie herdenkingsdiens toe die busse gegooi was, was dit georganiseer deur COSAS? -- Ja, dit is so.

Was jy self ook gearresteer as gevolg van hierdie

busgooiery/...

busgooiery en die insidente daar? -- Ja, dit is so.

Was jou huis daarna in jou teenwoordigheid deursoek deur sersant Maponya van die Suid-Afrikaanse Veiligheids-polisie? -- Nee.

Was hy nie deursoek gewees nie? -- Nee,nie my ouers se huis nie.

En dat daar dokumente toe gevind was in jou teenwoordigheid nie? -- Ek kan nie onthou of daar enige dokumente gevind was nie.

Ek stel dit aan jou dat sersant Maponya het jou woonplek deursoek in jou teenwoordigheid. Daar is dokumente gekry? -- Dit is moontlik dat die huis deursoek was dat ek net nie meer kan onthou nie.

Ek wil dit aan jou wys, daar was onder andere ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : Is Your Lordship going to allow this cross-examination to take place outside the period of the indictment? I have already made an objection and Your Lordship has ruled on it in relation to the period prior to the indictment. It seems to me that the prosecutor is not entitled to do with this witness what he is busy doing at the moment and it may be highly prejudicial and I object to it.

HOF : Wat is die trant van die kruisondervraging, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Die beskuldigde het omvattend getuienis gegee in sy getuienis-in-hoof oor aktiwiteite van hom in COSAS in die tydperk wat nou spesifiek gedek word ook. Dit is sy hoofgetuienis en ek reken ek is geregtig om sy getuienis-in-hoof te toets vir die geloofwaardigheid daarvan. Hy het

getuienis/...

getuienis gegee oor die .. hy het net eenvoudig gesê "Ek was voorsitter van COSAS in daardie tyd sê maar 1981 of wanneer ook al. Dit is blykbaar gemeensaak. Wat toets u nou?

MNR. JACOBS : Ek toets sy geloofwaardigheid oor die doelstellings van COSAS en sy persoonlike kennis daaromtrent.

HOF : Gaan dit om die doelstellings van COSAS in 1981 toe hy voorsitter was?

MNR. JACOBS : Toe hy voorsitter was en dat dit dan sal voortgaan ook reg deur tot aan die einde van die klagstaat.

HOF : Insoverre hy kennis dra van die doelstellings?

MNR. JACOBS : Dit is korrek. En dan ook met die lektuur wat hy aangehou het as voorsitter van COSAS in die tyd.

MR BIZOS : I have made my objection and I submit that the cross-examination is not admissible.

HOF : Dit word toegelaat.

MNR. JACOBS : Onder andere was daar ŉ dokument by jou gevind wat deur jou geteken is Petrus Malindi. Dit is van ŉ COSAS lidmaatskapkaart vir ene Lucky Twala. Kyk net daarna. Dit is by daardie geleentheid toe jou huis deursoek is. -- Ja, dit is ŉ COSAS lidmaatskap wat deur my geteken was.

En wat daar gekry was deur die polisie toe hulle jou huis deursoek het? --Nee, ek onthou dit nie.

Jy kan dit nie betwis nie? -- Ek kan dit nie betwis nie, maar ek kan nie onthou dat hierdie kaart by my ouers se huis gevind was nie.

Jy sien, ŉ volgende dokument wat ek vir jou wil toon is ŉ dokument met die opskrif "Congress of South African Students. Duties of the committee members (branch)." Dit is ŉ hele paar eksemplare van dieselfde dokument. -- Ek

onthou/...

onthou dat ek al so ŉ dokument in my besit gehad het. Wat ek nie kan onthou nie is of hierdie spesifieke dokument by my huis gevind was nie.

Die volgende dokument is "COSAS National Council meeting at Wilgerspruit, December 1980. Agenda." -- (Meganiese defek)

K665 Ja, ek sê so.

Ek wil vir jou ŉ volgende dokument toon. Die dokument is ŉ enkel bladsy. Hy begin bo by ŉ 5. Die opskrif wat by punt 5 staan is "The first crack down on Black ... (meganiese defek)". Kan jy onthou dat jy so ŉ dokument in jou besit gehad het en dat die polisie dit daar gekry het? -- Ek kan nie onthou dat ek so ŉ dokument al besit het nie. Ek kan ook nie onthou dat die polisie hierdie dokument by my huis gevind het nie.

Die dokument staan bo-op "Motto Unite Strive Serve". Dan staan daar die volgende "Name. The name of the organisation shall be Azanian National Youth Unity, hereafter referred to as AZANYO. Aims and Objects." Dit is blykbaar die konstitusie van AZANYO." -- Ek onthou dat ek al op ŉ stadium die AZANYO se konstitusie gelees het. Ek kan nie onthou of hierdie dokument by my gevind was nie.

HOF : Is dit hierdie dokument wat u al gelees het of is dit ŉ ander dokument? -- Wat ek onthou is dat ek wel die Grondwet van AZANYO gelees het. Ek kan net nie onthou of hierdie dokument by my huis gevind was nie.

Maar ŉ dokument soortgelyk aan dié het u wel gelees? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Jy het ook so een besit in jou hoedanigheid as ŉ COSAS voorsitter, nie net gelees nie? -- Nee, ek sê ek onthou dat ek ŉ soortgelyke dokument gelees het. Ek kan

net/...

net nie onthou of ek dit gelees het terwyl die dokument vir my bedoel of myne was nie.

Die volgende dokument wat ek aan jou toon het die opskrif "Vaal Complex Students' Representative Council (VCSRC)". Ek stel dit aan jou dat hierdie dokument was ook gekry met jou arrestasie op daardie stadium in jou teenwoordigheid by jou huis? -- As ek reg onthou het ek hierdie dokument in die jaar 1977 gelees. Ek kan nie onthou dat dit by my gevind was nie.

Die volgende dokument is blykbaar ȟ soort van ȟ agenda of ȟ tydtafel met die opskrif "We remember June 16." -- Nee, hierdie een kan ek nie onthou nie.

Is dit nie die agenda van julle planne vir daardie herdenkingsdiens wat julle op 16 Junie sou gehou het vir daardie betrokke jaar nie?

HOF : Wat is die betrokke jaar?

MNR. JACOBS : 1981. -- Nee, ek het nog nie hierdie dokument vantevore gesien nie.

Die dokument stel ek aan jou is daar in jou teenwoordigheid in jou huis gekry deur die polisie? -- Ek kan nie onthou dat dit by my gevind was nie.

Die volgende dokument is ȟ brief van "Soweto Civic Association. The Committee of Ten" wat aan jou geadresseer is en is geteken deur mnr. Tom Manthata, General Secretary of Committee of Ten. Dit is beskuldigde nr. 16. -- ja, ek onthou hierdie brief.

Ek stel dit aan jou dit was saam met die ander dokumente op die betrokke dag deur die polisie in jou huis gekry? -- Ek kan nie onthou dat dit ook saam met die ander goed op hierdie dag daar gevind is nie.

HOF : Maar het u ooit daardie brief daar ontvang? -- Ja, wat ek sê is, ek kan nie onthou of die brief daar geneem was op die dag wat die Staat beweer my ouers se huis deursoek was nie.

Maar hoe kom dit nou in besit van die aanklaer? -- Volgens die aanklaer was my huis deursoek en daar was beslag gelê op hierdie brief. My huis was verskeie kere deursoek. Wat ek sê is, ek onthou nie of dit nou weggeneem was die dag wat die aanklaer beweer die huis deursoek was of op ŉ ander tydstip wat die huis deursoek was nie.

MNR. JACOBS : Jy sal saamstem dat hierdie dokumente kon net in my besit gekom het deurdat die polisie dit gevind het by jou huis?

HOF : U maak dit nou baie wyd. Hier is dokumente van ŉ persoonlike aard soos hierdie brief wat aan hom gerig is, as ek u reg vertolk. Dit is klaarblyklik iets, as dit in sy besit was, wat op ŉ sekere manier by u kon gekom het, maar hier is ander dokumente waarvan daar waarskynlik in talle versprei is en wat nie noodwendig in u besit kon gekom het omdat dit by hom gevind is nie, al het hy die dokument op ŉ stadium gelees.

MNR. JACOBS : My stelling aan hom is dat hierdie een spesifiek was by hom gekry saam met die ander dokumente in sy besit deur die polisie en so het dit in my besit gekom.

HOF : Dit is ŉ dubbele vraag. U vraag was u stem saam dat hierdie dokumente en dit beteken ons het nou al agt dokumente gehad, nie op ŉ ander manier in my besit kon gekom het as dat dit van jou huis af gekom het nie.

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Daardie afleiding is nie noodwendig nie. Op wat hy

tot/...

tot dusver gesê het nie.

MNR. JACOBS : Maar ek stel die feit van die kant van die polisie aan hom, nie as afleiding nie.

HOF : Stel dit.

MNR. JACOBS : Ek sal dit in elk geval los tot laaste. Dan gaan ek eers met die ander dokumente voort. Die volgende dokument het die opskrif "Republic Anniversary Anti-Republic campaign.Anti-Republic day committees must be formed to organise campaigns against the celebration of RSA." Ek stel dit aan jou dat hierdie dokument was op beslag gelë deur die polisie in jou teenwoordigheid saam met die ander? -- Ek onthou nie dat ek ooit hierdie soort van ŉ dokument in my besit gehad het nie.

Die volgende dokument wat ek aan jou toon is ŉ traktaat met die opskrif "MWASA Media Workers Association of South Africa. MWASA for Black Solidarity October 19." Dit is die opskrif aan die buitekant met ŉ gebalde vuis. -- Ek onthou dat ek ŉ soortgelyke pamflet in my besit gehad het, maar ek weet nie of hierdie een in my besit gevind was nie.

Die volgende dokument wat ek aan jou toon is ŉ klein boekie met bo in die linkerhoek ŉ pen en ŉ blok. Dan staan daar "pen pals wanted" en dan onder ŉ koevert ook binne-in ŉ blokkie, dit is weer in die regterhoek onder. -- Nee, ek het nog nie vantevore hierdie dokument in my besit gehad nie.

Die volgende dokument wat daar in jou besit gekry is in jou teenwoordigheid is ŉ pamflet met die opskrif "Outstanding fighter for freedom." Met ŉ foto van ŉ persoon daar. -- Ek kan nie onthou dat ek hierdie dokument in my besit gehad het nie.

HOF : Ken u die dokument? -- Nee, ek ken nie die dokument

nie.

MNR. JACOBS : Die dokument wat jy nou na verwys is ʼn dokument van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, nè? -- Ja, die persoon wie se foto verskyn op hierdie pamflet word hier beskryf as die voorsitter van die South African Communist Party.

Wie is die persoon? -- Dr Jusuf Dadoo.

En die vorige dokument, die een met die pen .. (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : Your Lordship was busy writing. The witness appeared to be reading the name from the document that he gave that answer.

HOF : Is dit so? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : En die dokument net voor hierdie een met die opskrif "Pen pals", dit is ʼn ANC dokument aan die binnekant daarvan? -- Ja, volgens die geskrif op die tweede bladsy wat soos volg lees "Statement of the National Executive Committee of the ANC."

Ek wil aan jou ʼn volgende dokument toon wat by jou gekry was .. (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : I take it that Your Lordship has noted the objection to the whole of the cross-examination. I will have something to say in relation to this type of conduct in relation to an accused person where he is confronted with documents for the first time, which we have not been shown, he has not been given an opportunity and he does not admit to have been found in his possession.

COURT : I have not admitted these documents as exhibits before the Court yet.

MR BIZOS : But their effect with the greatest respect

I/...

I have always understood that when a person goes on his defence, the State has put the evidence that it has before the Court so that he can deal with that. I think that that is almost axiomatic. What is happening here is more akin to an interrogation of a detainee rather than cross-examination with respect.

COURT : You may or may not have a valid objection as far as the procedure is concerned. At the moment I am dealing with the admissibility of the documents and counsel intends to prove these documents through the witness. If he can do that, well so far so good, if they are relevant. If they are not relevant, they go out even if they are proved. We must give him an opportunity to attempt to prove it.

MR BIZOS : Yes, but the point that I am making is that I objected first of all that they were outside the period. I merely did not want to be understood to remain silent whilst this procedure is being adopted. Documents that have not been proved which the witness has so far not admitted to have been in his possession, but they are being put before Your Lordship with a suggestion - well, with an assertion that they were in his possession. This is highly prejudicial evidence which the accused has ... (Court intervenes)

COURT : I do not believe everything that the prosecutor tells me. That is not evidence before this Court. You know that as well as I do.

MR BIZOS : I do, with the greatest respect.

COURT : I mean, we are not dealing with a jury trial. He attempts to get an admission from the witness that these were in his possession. In some instances he has succeeded and in some instances he has not. Where he has not succeeded

I take no notice of what he said.

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan jou dat die volgende dokument is ook by jou gekry by daardie geleentheid toe die polisie jou huis deursoek ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : There is no evidence, the prosecutor cannot put it that this was found in his possession. He can ask him whether it was.

HOF : U moet u stellings in die vorm van h vraag stel, mnr. Jacobs of gee u getuienis?

MNR. JACOBS : Ek sal dit in h vraag dan stel. Is die volgende dokument ook in jou besit gekry toe jy gearresteer was by geleentheid van daardie 16 Junie herdenking? Dit is h dokument met die opskrif "The ANC and Mkhonto we Sizwe say destroy slave education"? -- Nee, ek ken nie hierdie dokument nie.

Dan die laaste dokument is h soort van h publikasie met verskillende blaaie, met h opskrif "Education for Revolution" en onder staan "Zimbabwe". Was hierdie dokument gevind daar toe die polisie jou plek deursoek het? -- Nee, ek ken ook nie hierdie dokument nie.

Jy stem saam - stem jy saam met my dat toe jy gearresteer was voor die 16de - wanneer was jy gearresteer presies? -- 15 Junie.

19? -- 81.

HOF : Wat was u toe? Was u voorsitter gewees? -- Ja, dit is so.

Van COSAS? -- Ja.

So, u was glad nie op die herdenkingsdiens nie? -- Nee, ek was nie.

MNR. JACOBS : Toe jy gearresteer was, was jou huis deursoek,

jou/...

jou woonplek? -- nee, ek kan nie onthou dat die huis deursoek was nie.

Sal u saamstem met my dat daardie - ek wil 'n stelling aan jou maak dat die polisie het jou huis gaan deursoek saam met jou? -- Sover as wat ek kan onthou is dat ek onmiddellik weggeneem is na Vereeniging toe en ek kan nie 'n deursoeking onthou nie.

En ek maak die stelling aan jou dat die polisie het in jou teenwoordigheid al die dokumente nou voor jou gekry? -- In antwoord sê ek tussen hierdie dokumente hier is daar van die dokumente wat ek nog nooit vantevore gesien het nie, wat ek nog nooit vantevore gelees het nie. Verder sê ek daar is dokumente wat ek sê ek al vantevore gelees het en ek het hierdie tipe gehad wat ek nie kan sê wanneer hulle op beslag gelê was, dat hulle weggeneem is van my af nie.

Dat sersant Bathudi Maponya is een van die mense wat jou gearresteer het en jou huis aam met jou gaan deursoek het? -- Nee, ek kan nie onthou of hy by was tydens my arrestasie nie.

En deursoeking van jou huis? -- En dat my huis ooit deursoek was, kan ek nie onthou nie.

As sersant Maponya sê dat hy het jou huis gaan deursoek ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

<u>MR BIZOS</u> : That the State cannot put. If the case had been conducted properly the sergeant would have been called and he would have been cross-examined and then he could have put the evidence to the witness. He cannot put this now as part of the defence case.

<u>HOF</u> : U kan nie vir my vertel wat die sersant sê nie. Hoekom moet u my dit vertel?

MNR. JACOBS : Ek wil hom vra as ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, nie as hy dit sê nie, want hy gaan nie 'n geleentheid kry om dit te sê nie.

MNR. JACOBS : Dit is wat ek eintlik wou gesê het.

HOF : Wat hy vir u gesê het stel ek nie in belang nie, want dit is nie getuienis voor hierdie Hof nie. U kan probeer om 'n erkenning te kry uit die getuie uit dat hy gearresteer is en dat die sersant hom na sy huis geneem het, maar ek stel nie belang in wat die sersant vir u vertel het nie. U weet dit baie goed.

MNR. JACOBS : Ek het gedink om by die Hof aansoek te doen vir die roep van hierdie sersant.

HOF : Wel, u gaan baie probleme hê om my te oortuig dat hy geroep moet word op hierdie laat stadium as u gesit en slaap het tot nou toe.

MNR. JACOBS : Met alle respek, dit is nie 'n kwessie van gesit en slaap nie. Dit is inligting wat tot my kenns gekom het nou na die getuie begin getuig het wat ek dossiere gekry het van vorige arrestasies.

HOF : U kan dit argumenteer op 'n stadium later, maar op hierdie stadium vertel u my nie wat die sersant sê nie.

MNR. JACOBS : Dit is dan duidelik, ek moet toegee dat die dokumente wat die getuie nie kan identifiseer nie, dat ek nie op hierdie stadium kan vra dat hulle toegelaat word nie.

HOF : Sit daar eenkant die lidmaatskapskaart, dit is die eerste een van Lucky Twala en dan die dokument "COSAS duties of committee members (branch)" en dan die derde dokument "Agenda National Council Meeting December 1980, Wilgerspruit." Die volgende dokument wat u eenkant moet sit is "Azanian National Youth Unity", die konstitusie.

Sit dan eenkant verder "Vaal Complex Students' Representative Council", dan die brief geskryf deur beskuldigde nr. 6, Manthata, "Soweto Civic Association, Committee of Ten" en dan die traktaat MWASA "Media Workers Association of South Africa" dan gee u al daardie ander dokumente terug eers vir die Staat.

Die volgende vraag is, mnr. Jacobs, die dokumente wat ons nou nog oor het daar, in watter opsig help elke spesifieke dokument u in verband met die doelstellings van COSAS wat u wil deurtrek om die getuie daarop te kruisvra soos hy die doelstellings van COSAS ken? Party van hulle is van 1973, as ek reg onthou, maar ek weet nie of dit dié is wat agtergebly het nie. O, nee, dit is een wat teruggee is. Ek wil nie ŉ klomp irrelevante dokumente hê nie. U het vir my vertel dat die kruisondervraging gaan oor sy antwoord ten aansien van die doelstellings van COSAS. Ek het ŉ probleem met die lidmaatskapkaart behalwe as die doelstelling van COSAS daarop is.

MNR. JACOBS : Nee, hulle sou saam geloop het die hele klomp met die ander.

HOF : Maar nou kan hulle nie saam loop nie?

MNR. JACOBS : Maar nou kan hulle nie saam loop nie.

HOF : Watter van dié wat daar oorbly is enigsins van belang op die punt wat ter sprake is?

MNR. JACOBS : Ek sal dan die aansoek om daardie dokumente in te sit terugtrek op hierdie stadium.

HOF : Ek wil dit duidelik stel dat aan hierdie getuienis, insoverre dit getuienis is, geen gewig geheg word nie. En insoverre dit nie getuienis is nie, geld dit natuurlik dubbeld.

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Op die vergadering van die 26ste Augustus 1984 die middag vergadering het jy aan die mense duidelik gemaak op 'n vraag oor arrestasies dat daar geen onwettigheid gepleeg sou word deur 'n wegbly-aksie en 'n opmars nie. Is dit reg? -- Wat ek gesê het was die volgende dat by die vorige vergadering met die besprekings daar was daar ooreengekom dat daar niks onwettig was en dus het ek hier gesê ek glo ook dat daar niks onwettig was in hierdie wat ons doen nie.

Het jy ondersoek ingestel of enige opelug byeenkomste wettig of onwettig sou wees? -- Ek het nie so ondersoek ingestel nie, maar ek het geglo dat daar niks onwettig was in hierdie wat ons besig was om te doen nie.

Sonder om ondersoek in te stel om vas te stel of dit so is of nie, hoe kan jy vir die mense sê dat hulle doen niks onwettig net omdat jy so glo nie? -- By daardie tyd het ek nie geweet van enige persoon wat in 'n saak betrokke was wat verhoor was omdat die persoon deelgeneem het aan iets soortgelyk as dit wat ons besig was om te doen nie. Behalwe dit, was dit nog nie onder my aandag gewees dat daar iets buite die wet gedoen word met die wat ons aan deelneem nie.

Het jy geweet van enige buitelug vergaderings dat dit verbied was op daardie stadium? -- Ja, ek was daarvan bewus op daardie tydstip.

Op hierdie vergadering het beskuldigde nr. 17 'n boodskap oorgedra aan die mense dat hulle moenie lafaards wees nie. Is dit reg? -- Hy het 'n woord gebruik wat ek self so vertolk het.

Wat se woord is dit? -- Hy het dit in Sotho gesê "Abantu base baba matshwega."

Kan/...

Kan ons net die presiese betekenis daarvan kry, van daardie woorde? -- Dit beteken 'n persoon moenie 'n lafaard wees nie.

So, hulle moes nie lafaards wees nie, hulle moes nie wegbly van die wegbly-aksie af nie, maar hulle moes daaraan deelneem en ook aan die optog? -- Hulle moenie lafaards wees nie in die sin dat hulle nou nie seker is van dinge wat mense oor ooreengekom het om dit uit te voer nie. Hulle moet nie terugstaan in die uitvoering van wat die mense oor ooreengekom het dat dit uitgevoer moet word nie.

En om dit nou kort te stel dat hulle nie moes lafaards wees nie, maar moet deelneem aan die wegbly-aksie en die optog? -- Hulle moenie mense wees wat nie sterk genoeg is om te staan vir wat besluit is nie, want daar is niemand wat gearresteer kan word nie.

Jy self, het jy aan die mense verduidelik wat sou gebeur as daar mense is wat wegbly en wat nie kwytgeskel was nie, ander mense as wat kwytgeskel is en wat wel gaan werk en nie deelneem aan die optog en die wegbly-aksie nie? -- Nee.

Was daar so 'n vraag oor wat sou gebeur met sulke mense? -- Ja, dit is so.

Wie het die vraag geantwoord? -- Ek het die vraag geantwoord.

HOF : Wat presies was die vraag? -- Die vraag was wat sê ons van die mense wat wil werk toe gaan en afbreek van die ooreenstemming waaroor ons gepraat het dat daar nie werk toe gegaan moet word nie.

En die antwoord? -- Die antwoord daarop was dat ons glo dat hierdie ding van die wegbly-aksie sal 'n goeie ondersteuning hê. Die rede daarvoor is omdat die huur is nie eintlik

beperk/...

beperk tot die mense nie, maar die meerderheid van die inwoners is daardeur aangetas. As ons 'n ondersteuning kan kry van tussen 70 en 90% sal ons baie bly wees. Daar is niks wat ons kan doen met die mense wat werk toe gaan nie.

MNR. JACOBS : Toe Edith en Esau teruggekom het by hierdie vergadering, het Esau enige verslag gedoen daar? -- Nee, hy het nie.

Het hy nie vir die mense gesê dat hulle weet en almal ook bly kan wees dat soortgelyke resolusies was op ander vergaderings aangeneem nie? -- Nee.

Niks gesê daarvan nie? -- Nee.

Op presies watter stadium het Esau daar teruggekom? -- Dit was op die stadium toe die resolusies vir die laaste keer aan die vergadering gelees was.

Dit was natuurlik nadat hulle alreeds aanvaar was en behoorlik geformuleer was. Is dit reg? -- Ja, na die resolusies geneem was in die vergadering.

So, daar was nie weer gepraat oor resolusies nie, daar was nie gestem oor resolusies nie of enigiets terwyl hy daar was nie? -- Ja, daar was geen stemmery of bespreking van die resolusies by daardie tyd nie.

As enigiemand anders sê dat hy het daar gekom terwyl daar nog besprekings was en nog resolusies aangeneem was dan is sy getuienis heeltemal verkeerd en die onwaarheid volgens jou weergawe? -- Sover as wat ek onthou, met sy aankoms was dit op hierdie stadium wat ek genoem het, maar as daar iemand anders is wat dit anders onthou, is daar niks wat ek daaromtrent kan sê nie.

Op hierdie vergadering was daar besliste besluite dat iemand sal moet briewe skryf aan die vervoerdienste dat

busse/...

busse nie moet loop nie? -- Nee, dit is nie hoe ek dit onthou nie.

Daar is niemand aan opdrag gegee nie. Nou hoe sou die vervoerdienste dan geweet het van hierdie dinge? -- Wat ek wel onthou wat daar gesê was, was dat as dit moontlik is VCA sal ŉ versoek moet rig aan die vervoerdiensmense dat die werknemers van hulle ook deelneem in die wegbly-aksie.

Was daar enige besluit geneem op hierdie vergadering - was dit so ŉ besluit wat geneem was dat VCA moet ŉ versoek rig aan die werkgewers om die werknemers toe te laat? -- Ek kan nie onthou dat daar so ŉ besluit geneem was nie. Wat ek wel nog kan onthou is dat dit daar bespreek was.

Was dit na dit bespreek was sommer so in die lug gelos? -- Ek kan nie ŉ spesifieke besluit onthou daaromtrent nie.

Was daar enige besluit gewees aan werkgewers anders as busdienswerkgewers dat aan hulle opdrag gegee word of dat hulle versoek word om hulle werkers nie te laat werk nie?-- Nee, ek kan nie onthou dat daar so ŉ besluit geneem was nie.

En ŉ bespreking? -- Ek onthou nie.

Was daar enige bespreking van enige ander noodsaaklike dienste wat kwytgeskel word en hoe dat hulle sal kennis kry dat hulle kwytgeskel was? -- Ek onthou dat die polisie ook gemeld was toe die noodsaaklike dienste bespreek was.

En hoe sou hulle kennis kry, die mense wat verbonde is aan die spesiale dienste dat hulle kwytgeskel is? Wat is bespreek en wat is besluit? -- Ek kan nie onthou dat daar enige spesifieke besluit geneem was oor die mense hoe hulle in kennis gestel gaan word nie. Wat ek wel kan onthou is dat wat die polisie betref, word dit nie eers genoem nie,

want/...

want dit is ŉ bekende feit oor die polisie.

HOF : Is die polisie glad nie genoem nie? -- Toe daar melding gemaak was van noodsaaklike dienste, het ŉ ander persoon melding gemaak van die polisie. In antwoord daarop was dit gesê dat wat die polisie betref, vra ons nie eers of dit ŉ noodsaaklike diens is nie. Dit is ŉ bekende feit dat hulle aan diens moet wees, Swart of Wit.

MNR. JACOBS : Was verpleegsters en dokters spesifiek bespreek? -- Ja, toe daar gepraat was van mense wat by die gesondheidsdienste werksaam is, was daar melding gemaak van die dokters en die verpleegsters wat vrygestel is.

Is daar Swartdokters in daardie woonbuurte in die Vaal? -- Ja, dit is so.

Wat omtrent brandwere en daardie tipe dinge? -- Ek kan nie onthou nie. Al wat ek kan onthou is dat die mense moet nou beskryf wat beskou hulle as noodsaaklike dienste. Daar was toe melding gemaak van verskillende tipe dienste. Ek kan nie onthou spesifiek of daar iets gesê was oor die brandweer nie.

Was daar besluit hoe dat die gemeenskap in die algemeen nou kennis gaan kry van julle eenduisend mense se besluit op hierdie vergadering? -- Ek kan nie van ŉ besluit onthou wat geneem was met betrekking tot dit nie.

Was enige bespreking of ŉ besluit geneem omtrent winkels en besighede in die Vaalwoonbuurtes? -- Nee, ek onthou dit nie.

Was dit nie deel van die wegbly-aksie nie? -- Ek kan nie onthou of daar enige melding gemaak was van die winkels in die Swartwoonbuurtes nie.

So, as die winkeleienaars besluit het om oop te wees,

dan/...

dan is daar niks wat aan hulle oorgedra sou word nie? -- Ek kan nie onthou dat daar ŉ spesifieke besluit geneem was daaromtrent nie. Indien hulle oopgemaak het, kan ek nie sien dat hulle enigiets sou oorgekom het nie.

Ek wil dit aan jou in die algemeen stel op hierdie vergadering was die besluit gewees, die wegbly-aksie en die optog was ŉ beplande stuk waar jy dit moes oorgedra het aan hierdie mense, dit was beplan deur VCA van die begin af so en jy het dit daar so oorgedra? -- Ek stem nie saam met u stelling dat dit beplan was deur die VCA nie en ook nie met die stelling dat ek gebruik was om hierdie boodskappe oor te dra by hierdie vergadering van die 26ste nie, want daar is ŉ verskil in wat hier bespreek was en dit wat ek gehoor het by die vergadering van die 25ste.

Ek is bly jy noem dit, want dit is nogal vir my ŉ belangrike verskil wat daar is. Aan die een kant het julle besluit, die een klomp mense het besluit bloot, volgens jou weergawe, op vergaderings, op "rallies", soos jy dit noem, nou kom ŉ ander vergadering en hulle besluit teen daardie mandaat wat julle gekry het vir "rallies" die vorige dag, besluit hulle nou op ŉ opmars en dat dit sommer geld vir almal? -- Ja, ek sê dit is ŉ goeie aanduiding dat dit nooit voorheen beplan was nie. Dit wys nou vir u dat enige vergadering geregtig was om eie besluite te neem al is dit botsend met die vorige vergadering.

Wat word nou van hierdie mense se besluit van die vorige vergaderings? -- Wat my betref is dat hulle miskien ook versoek sal word om te aanvaar wat deur die ander vergadering besluit was en indien die gevoel is dat wat die ander vergadering besluit het sal eintlik die meeste van die

mense/...

mense help in dit wat hulle na verwys. Dus sal hulle versoek word om dit te aanvaar as 'n oplossing.

Wie sou hulle gaan versoek het? -- Wat my betref het ek verwag dat VCA nou die besluit sal neem watter van die besluite verder uitgevoer moet word en watter nie. Dus het dit van hulle afgehang.

En ek stel dit verder aan jou die idee was gewees julle moet - so baie mense moet wegbly van die werk af sodat julle soveel moontlik mense kon kry om in die optog deel te neem om aksie te neem teen raadslede? -- Ek sê dit was eintlik vir die gemeenskap om in groot getalle weg te bly om 'n aanduiding te maak presies dat hulle nie tevrede is met wat gebeur nie, veral as hulle wegbly by die eerste betaaldag van die verhoogde huurgelde. Dat hulle dit nie aanvaar nie.

Het julle beplanning gedoen op daardie vergadering en gereël dat julle mense sal aanstel om toe te sien dat daar geen geweldpleging op die 3de vroeg die oggend voordat julle bymekaar kom sal plaasvind nie om huurmotors te beskerm of mense wat self wil gaan werk nie? -- Nee, nie by hierdie vergadering van die 26ste nie. Dit was nie so breedvoerig bespreek nie.

Ons het getuienis, jy was in die hof dat vroeg daardie oggend van die 26ste was by verskillende plekke klippe gegooi na busse toe?

HOF : Die 26ste?

MNR. JACOBS : 3 September die oggend vroeg hier van 06h00 af in die oggend was daar padversperrings opgesit en was mense verhoed om by busse op te klim om werk toe te gaan. Kan jy vir die Hof sê hoe versoen jy dit met jou storie dat alles so vreedsaam moes gewees het en dit so 'n goeie dag moes

gewees/...

gewees het? -- Ek sê in antwoord daarop hierdie insidente wat u van praat het ek nie gesien nie. By ander plekke waarvan melding gemaak word hier in die getuienis oor insidente het ek verbygegaan en ek het geen van sulke insidente daar gesien nie. Ek sê hierdie optog was op ŉ ordelike manier gewees vanaf die beginpunt in Small Farms tot by die punt waar die optog uiteen gejaag was.

Ontken jy dat daar insidente was - die getuienis, sê jy dit is valse getuienis wat hier in hierdie hof gegee is? -- Ek sê ek stem saam met die getuie IC.8 waar hy sê daar was geen barrikade gewees daar nie. Dit is ons self wat in die optog deelgeneem het wat dan kon verhoed het dat daar verkeerbeweging is in hierdie rit wat ons gebruik het. Ek sê dat die kollege wat na verwys word in die omgewing van Masenkeng in Gebied 7 het ek by hierdie plek verbygegaan. Daar was geen skade daar aangedoen op die tydstip wat ek daar verby is nie.

So, die getuienis wat daaroor gegee was deur ander getuies en polisiebeamptegetuies sê jy dit is valse getuienie?

MR BIZOS : It must be obvious to the cross-examiner that the witness is speaking about matters of his personal knowledge and the prosecutor is putting matters of general happenings in the Vaal as a whole and if he does not make it clear, that is the sort of answer that he is going to get from the witness. The witness has made it clear that he did not see anything. He cannot be called upon - there are no police witnesses who say that there were these things in the area that he has described. I will leave it at that.

MNR. JACOBS : Ek dink dit is uit billikheid teenoor die

getuie/...

getuie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, ons het hier ŉ baie groot gebied wat gedek is deur baie getuies wat hierdie onluste betref. Hierdie getuie het nie die hele gebied vol gestap nie. U moet dit dan pertinent aan hom stel dat op die roete waar hy gestap het daardie oggend en binne sy sig, daar dit of dat gebeur het en dan is daardie getuienis dan vals. Anders kan hy nie kommentaar daarop lewer nie.

MNR. JACOBS : Die geleentheid dink ek wat ek hom moet bied, as ŉ mens moet sê dat hy sê hierdie optog sou so vreedsaam gewees het en daar is getuienis dat vroeg die oggend het daar alreeds klipgooiery en sulke dinge plaasgevind. Dat hy dan ŉ geleentheid gegee kan word, as hy ŉ antwoord wou gee, maar ek sal dit los.

HOF : Ken u ŉ plek met die naam van Sebokeng Kollege? -- Ja, ek ken Sebokeng Kollege.

Waar lê Sebokeng Kollege? -- Ek neem aan as ŉ persoon praat van Sebokeng Kollege praat die persoon van die onderwysersopleidingkollege in die nabyheid van die plek wat bekendstaan as Masenkeng. Dit is in die nabyheid van ŉ stadion wat bekend is as Evaton Stadium ook daar in die gebied van Masenkeng.

Ons het hom aangemerk op ons foto as nr. 66. Die punt van die pyltjie wat vanaf die 66 na onder dui, is die punt waar die Teachers Training College is. Aan die onderkant van die nr. 66 is daar ŉ streep en daardie streep het aan sy punt ŉ pyltjie. By die punt van daardie pyltjie, daar lê Teachers Training College. Die kommissaris se kantoor is by nr. 61 net links daarvan. Het u die punt nou? -- Ja, ek sien die punt.

Is/...

Is dit die Teachers Training College waarna u verwys? -- Ja.

So, dit staan bekend as Sebokeng College? -- Ja, dit staan bekend as Sebokeng Training College.

Toe die getuie gepraat het van Sebokeng Kollege het u gedink dat daardie getuie na daardie kollege verwys? -- Ja, ek het die indruk gekry dat die persoon praat van die Teachers College.

Hierdie plek? -- Ja.

MR BIZOS : In view of the role that this matter has played during the defence case. (?) and Nichols has investigated the matter and I want to place something on record.

COURT : But now, are you going to place evidence on record?

MR BIZOS : To prove it if need be, but we may save ourselves a lot of trouble by a simple telephone call by the State.

COURT : Yes, but now you should not tell me that first. I asked both parties to agree on all these places which are still vague and I am still waiting for that agreement. Tell the State what you want to tell them and ask them to make the telephone call. Do not read it into the record, because then it will have to be expunged if it is not correct, if there is no agreement. Ask the State to agree to what you want to tell me and then you put it in by agreement. I think that is the proper way of doing it.

MNR. JACOBS : Ek mag ook net meld dat ons het al, toe die Hof ons versoek het, dit is seker al twee maande terug, die verdediging versoek dat ons bymekaar kom dat ons bespreek, ons het ons punte gekry waarop ons duidelikheid wou gehad het van ander getuienis om te kyk of ons kan ooreenkom en ons het nou nog nie samewerking daaroor gekry nie.

HOF/...

HOF : Ek is baie jammer dat daar nie samewerking is tussen die Staat en die verdediging nie. Daar kan ek nou niks aan doen nie. As ek van beide kante verneem dat julle nie met mekaar wil praat nie, sal ek die nodige stappe doen. Totdat ek dit verneem het aanvaar ek dat julle wel lus is om met mekaar te praat, dat dit net verskriklik lank neem om bymekaar uit te kom.

MNR. JACOBS : Ek sal bly wees as ons kan weet, want die Hof het gevra destyds met die oog op die hou van ŉ ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek wag nog steeds op ŉ antwoord van beide kante, maar ek wil dit nie van een kant alleen hoor nie, want ek wil ŉ ooreenkoms daaroor hê en nie ŉ gestryery in die hof nie.

MNR. JACOBS : Dit is reg. Ek stry nie, ek noem dit net dat ons kon nie aan die Hof se versoek voldoen het tot nou toe om vir die Hof te sê hoe dat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ek nou aan beide kante ŉ versoek rig dat julle dan nou vandag bymekaar kom een of ander tyd en kyk of julle die aspekte kan uitstryk op in elk geval daardie deel waarop ooreenkoms bereik kan word, dan weet ek ook waar ek staan.

MNR. JACOBS : Ons sal ook bly wees, want dit bemoeilik ons kruisondervraging as ons nie sekerheid het oor hierdie plekke nie.

Ek wil net by jou duidelik maak, hierdie stadion waarvan jy praat, is nr. 4 op die kaart. -- Ek weet waar die stadion is.

HOF : Hy staan bekend as Evaton Sportterrein op my indeks. Dit is naby 66. -- Ja, ek sien die plek gemerk met die syfer 4.

MNR. JACOBS : Is dit ook die stadion waar die Rabotape fees was en waar julle ŉ plakkaatprotes gehou het? -- Ja, dit

is/...

is so.

En toe jy verby hom geloop het toe het jy ook direk voor hierdie Teachers Training College dan of Sebokeng College ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Op watter dag?

MNR. JACOBS : 3 September, op pad na die opmars toe, verbygeloop? -- Ja, ek het.

Hoe laat is jy ongeveer daar verby by daardie kollege? -- Om en by 09h00. Miskien 'n paar minute na 09h00.

Ek wil dit aan jou stel dat op daardie stadium as jy 09h00 daar verbygegaan het volgens jou getuienis moes daardie plek toe al aan die brand gewees het? -- Nee, met my verbygaan daar was daardie plek nog nie eers aan die brand gewees nie.

HOF : Was dit op enige stadium aan die brand gewees? -- Nee, ek weet nie.

Tot u gearresteer is? -- Ek het nog nie eers dit te hore gekom nie.

MNR. JACOBS : Ek wil ook aan jou stel hier in Vilakazistraat as jy oploop net voor jy by die interseksie kom is daar 'n BP Garage daar?-- Ja, net voor jy by die interseksie kom daar in die nabyheid van die interseksie wat ons gesê het is naby Caeser se woning.

HOF : Sy naam is Molantoa ook? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : En aan die teenoorgestelde kant daarso is daar 'n oop stuk veld. Is dit reg?-- Ja, dit is so.

Ek wil dit ook aan jou stel dat die oggend voordat die optog nog ooit daar gekom het, was daar al padversperrings in daardie omgewing van die BP Garage opgerig? -- Ek sê die optog se roete is daar verby. Ek het niks gesien in

die/...

die vorm van ʼn versperring nie. Ons het normaal daar geloop.

En die getuie wat daardie getuienis gegee het is mnr. Kuyter wat hier getuig het dat daar versperrings daar opgesit was? -- Nee, ek kan hulle nie op name onthou nie, maar ek sê ek is daar verby.

En ek wil dit stel aan jou vroeg daardie oggend reeds in Gebied 7 was daar toe ook al plekke aan die brand gesteek en daar kolomme rook opgegaan het in die lug voordat die optog daar verbygegaan het? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie.

Het jy later die dag gesien waar plekke gebrand het dat daar dik rookkolomme opgegaan het? -- Ja, dit is so.

En ʼn mens kon dit duidelik onderskei net van ʼn blote dynserigheid wat in die lug was?-- Ja, dit is so.

Wat was die geaardheid hiervan? Kan jy net vir ons mooi duidelik beskryf hoe dit sigbaar waar en hoe het dit gelyk hierdie rookkolomme? -- Plekke wat ek later gesien het daardie dag, die rook wat ek daar gesien het was duidelik sigbaar dat dit sterk rook was.

Was dit ʼn donker rookkolom? -- Donker. Dit is wat ek daarby bedoel. Dit was donker rook gewees.

En ʼn mens kon duidelik sien dit is plekke wat brand? -- Ja, op daardie stadium toe ek dit gewaar het, was dit duidelik gewees dat dit iets was wat aan die brand was.

En ek neem aan dit was ver sigbaar gewees? -- Ek het dit gesien omtrent 300 meter van my woning af.

En hierdie rookkolom het hoog in die lug opgegaan? -- As ek reg onthou, ek kan my nie voorstel dat dit ʼn rookkolom was wat direk hoog gegaan het nie. Daar was ʼn wind gewees wat gewaai het. So, die wind het dit na die sye geblaas.

<u>HOF</u> : Na die suide? -- Ja.

Het/...

Het die wind die hele dag gewaai? -- Ek kan nie onthou of die wind die hele dag gewaai het nie, maar wat ek wel vir die Hof kan sê is dat ek onthou dat daar rook was en die rook was deur die wind geblaas. Dus het dit nie direkte kolomme gemaak nie.

U het nie gesê dit het na die suide gewaai nie, na die sye, na die kante gewaai? -- Na die kante gewaai.

MNR. JACOBS : Wat bedoel jy met na die kante gewaai? Na die sye gewaai?-- Dit is ħ verskil wat ek noem as gevolg van u beskrywing van die kolomme van rook. Daarby bedoel ek die rook het opgegaan en dit is toe deur die wind geblaas sodat die rook ħ groot plek daar gedek het. Dit het nie sommer direk in ħ kolom opgegaan nie.

Hoe hoog het die kolom - jy sê tog hy het in ħ kolom opgegaan en dan is hy gewaag - gegaan? Kan jy vir ons ħ aanduiding gee? -- Van my huis af waarvandaan ek die rook gesien het, kon ek die kolom sien net tot bokant die huise. Dan het die rook daar versprei as gevolg van die blaas van die wind.

As dit so in kolomme in die lug in opgegaan het tot bokant die huise kon jy dit redelik ver sien? Jy kon dit verder sien as 300 meter? -- Ek weet nie. Ek het dit in daardie distansie gesien wat ek nou noem.

Ek wil dit aan jou stel dat die oggend toe jy geloop het saam met hierdie opmars moes daar orals in die omgewing daar van julle soos julle geloop het aan beide kante van julle moes daar rookkolomme duidelik sigbaar gewees het? -- Ek het dit nie opgelet nie.

Is daar enigiets wat verhoed het dat jy dit kon opmerk? -- Ek weet nie van ħ spesifieke ding wat dit kon verhoed het/...

het nie, maar wat ek sê is, ek het nie hierdie rook opgelet soos dit beskryf word nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K666 GCINUMUZI PETRUS MALINDI, nog onder eed

HOF : Mnr. Malindi, ek wil net ŉ paar vrae vra. Sal u BEWYSSTUK AAR1 neem, asseblief. Ken u die Esokwazi Skool? -- Ja, ek ken hom.

Hy is nr. 14 op AAR1. -- Ja, ek sien die skool gemerk nr.14.

Dit is die Esokwazi Skool volgens die ooreengekome indeks tot hierdie foto. As u net so links van hom kyk, dan sien u ŉ nr.1. Dit is die Rooms Katolieke Kerk Small Farms? -- Ja, dit is so.

Die Esokwazi Skool het hy ooit gebrand? -- Ek weet nie. Ek dra geen kennis daarvan dat die skool ooit gebrand het nie.

Kan u kyk na Gebied 14. -- Ja, ek het hom.

Die Deep Knowledge Skool, weet u waar lê hy? -- Ja, ek weet van die skool.

Kan u vir my sê naby watter nommer hy is in Gebied 14? -- Die skool is geleë aan die linkerkant van 19.

In daardie rooi kringetjie of buite die rooi kringetjie? -- Buite.

Dit wil sê net aan die westekant van die rooi kringetjie? -- Ja, dit is so.

En waar is die winkels in Gebied 14? Is dit by nr. 15? -- Nr. 15 is Tuxedo Supermarket. Die ander winkels word aangedui met die nommer 44.

Dit is al winkel? -- Ja.

Die/...

Die ander winkels, wat is hulle naam? -- Wat aangedui word met ħ pyltjie daar van 44, is die koopsentrum van Gebied 14. Dit is al die winkels daar in daardie omgewing. Nr. 15 is Tuxedo. Wat daar aangedui word met nr. 5 is die Mphatlalatsane Saal.

Die Johannesburg/Vereeniging pad, is dit daardie een wat diagonaal dwarsdeur Sebokeng sny wat in rooi aangedui is. Bo staan "start" en onder is "Houtkop"? -- Ja, dit is die pad.

Waar is die winkels in Gebied 11 geleë? Naby watter nommer? -- Nee, ek is nie seker nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Net om u te oriënteer, die poskantoor is by punt nr. 13 daar waar die twee rooi strepe bymekaar kom. -- Ja.

Fowlers is nr. 38, die bushalte? -- Ja, dit is so.

HOF : U ken die winkels van Gebied 11? -- Ja.

Waar lê dit in die hele kompleks? Die Ontwikkelingsraad se kantore is by 33? -- Dit is aan die suidelike kant van die pyl op die einde van die pyl 33.

Is dit wat? Die winkels? -- Dit is die winkels.

Daar is so ħ wit kolletjie by die winkels? -- Ja, dit lyk soos ħ dak.

Of is dit al daardie groot dakke wat onder dit is? -- In die onmiddellike omgewing van daardie wit dak net onder die pyl van 33 is daar ħ winkelsentrum daar. Daar is ħ biersaal ook. So, die winkels waarvan ek praat is voor ħ mens oorkant die straat kom, dit wil sê meer suid na die ander baie dakke daar.

Ek het ħ nr. 69 geskryf en op die indeks het ek geskryf "Shops and beerhall of Zone 11." Kyk net of my pyltjie se

punt/...

punt reg is? -- Ja, dit is die plek wat ek van praat aan die suidelike kant van die Administrasieraad se kantore.

Dan raadslid Nkiwane, weet u waar hy gewoon het? -- Nee, ek weet nie.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Toe u die rook op die linkerkant van u gesien het,was dit nadat u die interseksie verbygegaan het of was dit nog voordat u by die interseksie gekom het? -- Dit is voor ek by die interseksie gekom het.

As ŉ mens kyk na hierdie kaart en voordat ŉ mens by die interseksie kom en jy het aan jou linkerkant oop veld, waar was die rook dan gewees? -- Dit was anderkant Fowlers bushalte.

Was julle al verby die BP Garage? -- Ek kan nie meer so goed onthou of ek alreeds die garage verby was nie, maar ek was in die nabyheid van die garage gewees. Dit is die BP Garage.

En aan die linkerkant soos jy geloop het op die pad op die teeroppervlakte,was die BP Garage aan jou regterkant? -- Ja, dit is so.

En aan die linkerkant regoor daardie selfde punt waar die garage aan jou regterkant is, is oop veld? -- Ja, dit is so.

En sal jy met my saamstem daar kon niks aan die linkerkant gebrand het nie, want daar was oop veld,dan sou jy dit gesien het? -- Ja, dit is so.

Is dit nie so dat as daar rook was, soos jy wil beweer, dan moes dit voor julle gewees het nie? -- Ja, dit was voor ons gewees.

So, toe jy gesê het dit was aan jou linkerkant gewees

het/...

het jy weer ŉ fout gemaak? -- Nee.

Jy praat in jou getuienis daarvan ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : For those who merely read the record, can we record that in fact it is forward and to the left.

COURT : Well, those who merely read the record better look at EXHIBIT AAR1 as well.

MNR. JACOBS : Soos julle die interseksie genader het, in die interseksie self, is dit korrek, was daar groepe mense daar? -- Ja, dit is so. Daar was mense gewees.

Ek vra vir jou spesifiek van groepe mense of kan jy nie vir die Hof sê nie? -- Daar was ŉ groot groep mense gewees en nog ŉ paar mense en nog ŉ paar mense apart van die groep wat ek beskryf het. Ek weet nou nie of hulle saam was om beskryf te kan word as ŉ klein groep mense nie.

Jy weet tog wat is ŉ groep mense, dit is mense wat saam bymekaar is? -- Ja, dit is so, ek weet.

Hierdie paar mense wat jy van praat, was hulle in ŉ groep bymekaar of was hulle enkelinge uitmekaar uit gewees? -- Dit was baie mense gewees. My probleem is, dit was baie mense daar. Van hulle het aan die kant bymekaar gestaan en daar is van die mense wat ook daar was in daardie omgewing. Dit maak dit dus vir my moeilik om te kan sê of hulle ŉ groep gevorm het en of hulle net daar los gestaan het.

Jy het mos gesien. Hoe het jy hulle gesien staan? Dit is wat ek probeer vasstel? -- Van die mense het ek gesien wat bymekaar was en van hulle het uitmekaar gestaan.

En hierdie groep wat jy sê wat baie mense was, die groot groep, waar was hulle? Was hulle in die interseksie of waar presies was hulle? -- Volgens my waarneming was

die/...

die groep mense by die begin van die afdraai, dit wil sê die "curve" na regs.

Op die teeroppervlakte? -- Ja, dit is so.

En jy sê hulle het gestaan daar? -- Volgens my waarneming het dit gelyk asof hulle staan.

Het hulle rondbeweeg soos hulle gestaan het daar of het hulle stilgestaan op een plek? -- Volgens my waarneming het hulle daar gestaan en nie na vorentoe beweeg of agtertoe nie, maar rondgestap, want wat ek opgelet het was daar is iets wat hulle daar gehad het en gewaai het wat vir my voorgekom het as plakkate.

Was dit net 'n groep mense wat rondom die plakkate gestaan het of hoe het hulle gestaan? -- Ek het hierdie waargeneem op 'n distansie. Ek kan nie sê hoe hulle daar gestaan het nie.

Maar jy het mos nader gekom na hulle toe. Is dit nie? -- Ja, ons het nader gekom.

En jy kon toe mos sien hoe staan hulle? -- Ek was nie heel voor gewees of voor genoeg dat ek kon sien hoe hierdie mense staan nie.

Was jy nie dan 15 meter van voor af gewees nie? -- Met die voortbeweging van die optog het ek agtertoe geval.

Laat ek dit net duidelik kry. Dit is nou iets nuuts hierdie. Jy het vir ons gesê jy het aangesluit by hierdie optog agter aan omdat jy hulle van agter af ingehaal het. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Toe het jy vir die Hof vertel jy het in die optog vorentoe beweeg tot omtrent 15 meter van voor af. Is dit reg? -- Ek het gesê in Vilakazistraat het ek na vorentoe beweeg in die optog tot ongeveer 50 meter van voor af.

Wanneer/...

Wanneer het jy toe weer teruggeval?

MR BIZOS : The evidence has not been correctly put to the witness. In the first instance he said 50 to 60 and not 15 and then at page 10 821 the question was asked by me "What was your distance from the front of the march at that stage?" It is very clear at the post office, which is near the intersection. It was not at the intersection itself, but at the post office. "The groups that joined the march in the procession had pushed me more back in the sense that they are joining the march. Therefore my position pushed back was (10) about 150 to 200 metres from the front." So, the 15 metres is some misunderstanding. May be the 50 was heard as 15.

MNR. JACOBS : Ek sal dit op sy weergawe probeer vasstel. Ek het dit op notas wat ek gemaak het. Ek het dit nie op die oorkonde gestel nie. Jy sê self jy het opbeweeg in die optog, dit is voor die interseksie, tot ongeveer 50 meter van voor af. Is dit reg? -- Dit is terwyl die optog in Vilakazistraat was.

Is dit voor die interseksie?-- Ja, dit is voor die interseksie. (20)

HOF : Is die naam van daardie straat vanaf Masenkeng tot by die Vereeniging/Johannesburg pad - is daardie hele straat se naam Vilakazi of verander hy ook weer van naam? -- Die naam verander.

Na wat toe? -- Na Wessels Mutha.

Waar? -- Net buite Gebied 7, net waar jy Gebied 7 verbygaan, gaan die pad meer na regs. By daardie draai is waar die pad se naam verander.

Hou hy dan die naam Wessels Mutha tot waar hy by die Johannesburg/Vereeniging pad kom? -- Ja, dit is so. (30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : En die deel wat dan loop tot daarso by die interseksie waar die een regs gaan en die ander een na links, daar skuins oorkant is Caeser se huis, daardie interseksie, daardie gedeelte is dit Wessels Mutha? -- Ja, dit is so.

Daar in Wessels Mutha net toe julle die interseksie genader het en hierdie groepe mense daar voor was, hoe ver was jy van voor af gewees? -- Tussen 80 en 100 meter was die distansie van waar ek was na die voorpunt van die optog.

Nie meer 50 tot 60 meter nie? -- Nee.

Nou wanneer het jy teruggeval? -- In die nabyheid van die punt waar die straat Vilakazi verander na Wessels Mutha, daar het baie mense by die optog aangesluit en ook in daardie oop stuk veld was daar mense gewees wat by die optog aangesluit het. Dit is hierdie kere wat ek verder terug gestaan het en voor die optog gedraai het daar waar die straat verander na Wessels Mutha, nog in Vilakazi, die "marshalls" het die optog laat staan en die mense weer herrangskik. Ek neem aan dit is een van die redes ook wat bygedra het dat ek teruggeval het.

Het die "marshalls" die hele optog tot stilstand gebring? -- By die punt waar ek was het ons tot stilstand gekom met die herrangskikking van die mense in die optog.

Die voorpunt, het hy tot stilstand gekom? -- Ja, dit het ook tot stilstand gekom.

So, die hele optog moes tot stilstand gekom het as jy ook tot stilstand gekom het en die voorpunt? -- Die voorpunt van die optog het tot stilstand gekom as gevolg waarvan ons ook 'n entjie beweeg het tot by die punt waar ons nie verder kon beweeg nie. Dus ook by my punt waar ek was tot stilstand gekom het. Met die gevolg, die mense wat agter my was,

moes ook tot stilstand gekom het by ħ punt terwyl die voorpunt nog gestaan het, maar ek kan nie vir die Hof sê dat almal op ħ stadium tot stilstand gekom het nie, want moontlik net voor almal tot stilstand gekom het, het die voorpunt begin beweeg, met die gevolg kon daar van die mense gewees het wat nie tot stilstand gekom het nie.

Hierdie mense wat jy gesien het voor jou by die optog wat bymekaar gestaan het, was daarso aan die linkerkant soos die pad geloop het, hierdie Wessels Muthastraat tot by die interseksie, een het na regs geswaai, een het na links (10) geswaai. Is dit reg?

HOF : Wat bedoel u?

MNR. JACOBS : Die pad self.

HOF : Nee, maar dit is mos nie reg nie. By die interseksie is daar nie ħ swaai na regs en ħ swaai na links nie. By die interseksie is daar ħ geleidelike buiging in die pad na regs en daar is paaie wat by Wessels Mutha aansluit van die kant af.

MNR. JACOBS : Van die linkerkant af.

HOF : En regs, reghoekig. (20)

MNR. JACOBS : Ek wou dit eintlik gekry het dat een pad na regs gaan en die ander pad is heeltemal ħ aansluiting wat van links af daar inkom. Dit is die interseksie. -- Ja, dit is so.

Op hierdie linkerpad wat na links afgaan daar, was daar enige groepe mense daar? --Met my verbygaan by daardie punt het ek mense opgemerk wat in daardie pad was.

Het daar groepe mense gestaan en wag terwyl julle nog met die voorpunt van julle optog beweeg het in die rigting van die interseksie self? --Nee, ek het nie opgelet nie. (30)

Was/...

Was daar mense op die interseksie self, die teergedeelte daar waar die paaie een na regs gaan - geleidelik na regs gaan en die ander een van links af aansluit? -- Ja, dit is so.

Wat het die mense daar in die interseksie self gedoen? -- Dit is die groot klomp mense wat ek reeds al van gepraat het wat iets gewaai het daar soortgelyk aan plakkate.

So, hulle was in die interseksie self en nie net waar die pad na regs uitgaan, soos jy netnou gesê het nie. Is dit reg? Kyk, netnou het jy gesê op daardie pad wat effens na regs beweeg, net waar daardie pad by die interseksie kom, daar het hulle gestaan. Nou sê jy vir ons hulle staan in die interseksie. Wat is dan nou die posisie? -- Volgens my waarneming sê ek die volgende. Waar die pad 'n draai maak na regs, dit is waar hierdie ander pad van links af aansluit. Met ander woorde, die interseksie self is op die draaigedeelte van die pad. As dit nie so is nie, moet ons maar na die kaart terugkyk.

Hierdie mense, was hulle regoor hierdie steeg wat daarso in die interseksie uitgaan?

<u>HOF</u> : Daar by die interseksie is daar 'n pad wat van links inkom en 'n steeg wat skuins van links inkom. Is dit korrek? -- Ja, dit is so.

Nou praat die geleerde advokaat van die steeg. -- Ja.

<u>MNR. JACOBS</u> : Was hierdie groot groep mense - was hulle daar in die interseksie regoor hierdie steeg? -- Ek het aanvaar dat hierdie groep mense wat ek daar gewaar het by die interseksie maar ook regoor daardie steeg se aansluiting by die hoofpad was, want ek sal u sê volgens my waarneming die punte van aansluiting op die hoofpad deur die pad van die suidekant, dit wil sê van die linkerkant in die steeg

is/...

is nie ver apart nie. Dit is om en by naby aan mekaar. So, as die mense daar in die interseksie self gestaan het, dan is hulle regoor beide.

Die steeg en daardie pad van die linkerkant af? -- Ja, omtrent so bymekaar.

En jy sê die mense het daar rondbeweeg? -- Ek sê in die rondbeweging van die mense het ek opgemerk dat hulle iets gewaai het daar soortgelyk aan plakkate. Met my verbygaan by hierdie interseksie by die aansluiting self, het ek opgemerk dat daar mense was wat beweeg selfs vanaf die pad vanaf links wat aansluit by die hoofpad en ook met die steeg by die aansluiting van die steeg by die hoofpad.

<u>HOF</u> : Het die mense aangekom of weggeloop? -- Van die mense het daar gestaan. Van hulle het beweeg in die rigting van die hoofpad.

<u>MNR. JACOBS</u> : Maar ek praat nou van toe julle aangekom het na die mense toe. Jy het netnou vir die Hof gesê hulle het rondbeweeg daar.

<u>HOF</u> : Maar nou moet u die dinge uitmekaar hou. Die laaste vraag was bedoel op sy verbygaan by die interseksie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Myne was nog altyd gewees op hulle benadering van die interseksie.

<u>HOF</u> : Dan moet u hom terugvat na 'n vroeë stadium, maar hierdie laaste vraag het te doen met die oomblik toe hy by die interseksie verby kom.

<u>MNR. JACOBS</u> : Ja, toe het hy geantwoord van self. Hy het nie my vraag geantwoord daar nie. Kyk, ek wil dit aan jou stel, die mense soos julle aangekom het nog na die interseksie toe, wat voor in die interseksie was, wat jy nou-nou vir die Hof beskryf het wat daar gestaan het met dinge wat

soos/...

soos plakkate lyk en die dinge rondgewaai het, hulle het rondbeweeg daar. Dit is voordat julle verbygegaan het. Dit is nog terwyl julle die interseksie genader het. -- Ek het hulle nie gesien daar beweeg nie. Ek het hulle wel gesien daar in die pad staan. In hulle besit het hulle die goed gehad wat ek beskryf het as soortgelyk aan plakkate wat hulle gewaai het.

So, jy sê nou vir die Hof die mense het glad nie beweeg nie? Rondbeweeg nie? -- Nee, ek sê ek het die mense opgemerk in die pad en die mense het daar gestaan, maar daar was 'n beweging tussen hulle wat ek beskryf as die waai van iets soortgelyk aan plakkate.

Ek wil dit aan jou stel dat jy kan glad nie vir die Hof sê waarvanaf hierdie mense gekom het nie. Toe jy gesien het toe staan hulle daar voor in die interseksie. -- Ja, dit is so.

En dit is baie moontlik en hoogs waarskynlik dat hierdie mense het uit die steeg gekom tot daar waar hulle gestaan en wag het vir julle? -- Dit was nie my waarneming nie.

Maar jy kan dit nie betwis nie, want jy kan nie sê hulle het daar uitgekom nie?

MR BIZOS : Since when can a cross-examiner ask - there is no evidence to this effect. In fact the evidence of IC.8 was to the contrary. Evidence of every one of the accused up to now was to the contrary. The prosecutor ignores the direct evidence and puts a probability to him.

COURT : There was some evidence that a group came from the lane and shouted something.

MR BIZOS : IC.8 if I remember correctly said that they were actually in the intersection itself when they shouted something, but that ... (Court intervenes)

COURT/...

COURT : I understood people coming from the direction of Motjeane's house and then shouting something.

MR BIZOS : My recollection is that only a witness who I think has been abandoned by the State - I do not know whether I can mention her name or not - is the only person that suggested anything like that, but in any event it is not put that there was evidence. What was put to the witness is "Ek stel dit aan jou dat die waarskynlikheid is."

HOF : U het ŉ snaakse vraag gevra, moet ek vir u sê. U het gesê dit is moontlik en hoogs waarskynlik. ŉ Ding wat moontlik en hoogs waarskynlik is is op sy beste vaag.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat daardie mense wat jy daar gesien het, is mense wat uit die steeg uit van Caeser Motjeana se huis af gekom het met plakkate en al? -- Ek weet nie. Dit is nie my waarneming nie.

En dat daardie mense, toe hulle by julle uitgekom het uit die steeg uit - en ek stel dit aan jou jy was ook voor aan hierdie optog gewees? Saam met Esau is toe gesê dat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, nou moet u eers ŉ antwoord kry op daardie stelling. -- Nee, ek stem nie saam nie, ek ontken dit.

MNR. JACOBS : Toe is daar gesê dat die hond wat daarso sou geskiet het en dit is wat Esau gesê het julle moet kom en toe is julle almal in daardie steeg in op na Caeser se huis toe. Ek dink die woorde was "Kom julle" en toe is julle almal in die steeg in, jy self inkluis en Esau en die ander voorpunt van die opmars na Caeser se huis toe? -- So iets het nie plaasgevind nie.

En daar het julle ŉ aanval geloods op Caeser se huis en later aan op Caeser self en die huis aan die brand

gesteek/...

gesteek en is hy doodgemaak?

MR BIZOS : There is no evidence - is it put that this witness did this? There is no evidence from anybody.

HOF : Wat stel u?

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan jou dat jy was daar teenwoordig daar in daardie plek voor Caeser se huis, toe is daar ŉ aanval geloods op Caeser se huis, klippe is gegooi na sy huis toe en sy huis is later aan die brand gesteek daar terwyl jy ook daar teenwoordig was?

MR BIZOS : Whose evidence has been put to the witness?

COURT : That is his conjecture. Why can he not put that? He is going to argue it at the end of the case and he must give the witness the opportunity to answer it.

MR BIZOS : I would have thought that where the charge is murder and the allegation is based on conjecture that the accused took individual - individually participated in the attack on the basis of conjecture, is to say the least improper.

COURT : Well, is your objection against the putting of the question?

MR BIZOS : Yes.

COURT : The objection is overruled. Put the question.

MNR. JACOBS : Ek stel dit dan weer dat jy was in daardie grondpad voor Caeser se huis saam met die ander. Daar is ŉ aanval geloods in jou teenwoordigheid op Caeser se huis, sy huis is gegooi met klippe daar? -- Ek sê die voorvalle wat na verwys word wat plaasgevind het by Caeser se woning was ek nie teenwoordig daar nie. Ek het voortgegaan met die optog. Dus ontken ek al die stellings wat aan my gemaak word met betrekking tot die gebeure by Caeser se huis.

En dat Caeser se huis toe daar aan die brand gesteek

is/...

is en sy voertuie en Caeser en sy lyfwag is ook daar aangeval, aangerand en doodgemaak? -- Ek het niks te doene daarmee nie. Ek word glad nie geraak deur die gebeure by Caeser nie.

Ek wil dit nog verder aan jou stel dat hierdie mense wat jy sê wat daar voor gewees het, het nie aangesluit by die optog nie, maar hulle is direk in die laan in nadat hulle gerapporteer het aan Esau-hulle.

HOF : Watter mense voor?

MNR. JACOBS : Wat voor in die interseksie - die groep wat daar gestaan het? -- Ek het dit nie gesien dat hulle in die steeg in is na Caeser se huis toe nie.

Hoe het hierdie mense volgens jou weergawe ingefiltreer of ge"merge", dit is die woord wat jy in jou getuienis-in-hoof gebruik het, in die voorpunt van die optog? Hoe het dit gebeur? -- Ek het nie presies gesien hoe dit plaasgevind het dat die mense by ons infiltreer het nie, maar wat ek wel kan sê is dat ek het gesien dat die voorpunt van daardie klomp by ons voorpunt aansluit en met dit het ek opgemerk dat ons almal nou in dieselfde rigting stap.

Het hulle as ŉ geheel voor julle optog sommer net plek ingeneem en nou stap julle saam of het hulle ingefiltreer in daardie optog van julle in? -- Volgens my waarneming, het die mense by ons voorpunt aangesluit en hoe dit plaasgevind het, of hulle nou die voorpunt oorgeneem het en of hulle mekaar daar kans gegee het om in te filtreer in ons voorpunt, kan ek nie sê nie, maar wat ek wel kan sê is dat later was ons almal in een optog gewees met die mense.

Maar jy moes tog gesien het op ŉ distansie van 70 meter van jou af of die mense ŉ nuwe punt vorm, ŉ nuwe voorpunt van hierdie optog? -- Die mense, toe hulle by ons

aangesluit/...

aangesluit het, was hulle in ŉ klomp gewees. Of die mense nou die voorpunt oorgeneem het en of hulle nou posisies ingeneem het in ons voorpunt, kan ek nie sê nie. Al wat ek sê is, hulle het by ons voorpunt aangesluit en later was hulle ŉ gedeelte van ons optog wat in dieselfde rigting gestap het.

Het van hulle in die kante ingekom, dit kon jy tog gesien het as dit gebeur het, dat hulle verby die punt kom en van die kante af in kom? -- Toe ons by hierdie klomp kom het ek opgelet dat hierdie klomp by die optog aansluit daar voor. Hoe hulle dit doen kan ek nie sê nie. Ek het nie opgelet of hulle infiltreer het of wat die posisie was daar voor nie, maar wat ek wel kan sê is dat dit het op ŉ stadium ŉ gedeelte van ons optog gevorm en daar was wel mense wat van die kante af aangesluit het op hierdie optog van ons.

Ons moet net nie die ding verwar weer nie. Die ander mense is nie deel van daardie groep daar voor wat jy na verwys nie? -- Ja, dit is so.

Van daardie mense wat daar voor was het jy nie een gesien wat aan die kant gekom het en van die kant af aangesluit het by julle optog nie? -- Nee, ek onthou nie hoe die mense by ons optog presies aangesluit het nie.

As hulle om die kante gekom het, dan sou jy dit gesien het en van die kant af ingekom het? -- Ja, as hulle van die kante af aangesluit het, sou ek dit gesien het.

En jy het dit nie gesien nie en daarom het dit nie gebeur nie? -- Ek het nie gesien hoe hulle by ons optog aangesluit het nie, maar dit beteken nie dat hulle nie aangesluit het nie. Op ŉ latere stadium het hulle aangesluit en hulle was toe later ŉ gedeelte van ons optog.

Die/...

Die mense met die plakkate wat daar tussen hulle was, wat het van hulle geword? -- Ek weet nie wat van hulle geword het nie, maar ek neem aan hulle het toe 'n deel van ons optog gevorm.

Hulle het seker toe natuurlik heel voor julle optog gegaan? -- Ja, die voorpunt van ons optog het by hierdie klomp uitgekom wat daar 'n gedeelte van ons optog was.

Het die optog tot stilstand gekom daar toe daardie groot klomp mense daar aangesluit het? -- Nee, dit is net ons pas van beweging wat 'n bietjie stadig geword het. (10)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 5 MEI 1987.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I2-8-211**
*Document Title:-* **Vol 211 p 11098-11167. Witness: GP Malindi**